By Atteridgeville is daar 'n reeks nuwe huise wat verlede jaar ten volle bewoon geraak het, en waarvoor ons nie voldoende Nieblanke personeel het om die nodige huisbesoeke en ondersoek van sterftes en doodgeboortes te doen nie. Die getal huise in hierdie gebied is altesaam 596. Ons het gedurende die jaar by ons voorgeboorteklinieke 434 nuwe gevalle uit dié gebied behandel. Die getal geregistreerde geboortes wat hierdie jaar vir dié gebied aan ons voorgelê is, was 360 en die getal sterftes onder 5 jaar was 45. Hieruit blyk dit dat die aanstelling van 'n bykomende vroedvrou en kindersorgverpleegster vir hierdie gebied ook oorweeg sal moet word.

Die instelling van 'n bykomende kliniek om in die behoeftes van die inwoners aan die meer westelike kant van Atteridgeville te voorsien, is iets wat nie te ver in die toekoms nie ernstig oorweeg sal moet word.

By Mamelodi was pasiënte wat gedurende die jaar die kliniek bygewoon het, hoofsaaklik uit die westelike dele van die dorpsgebied afkomstig.

Die totale toename vir alle bywonings te Mamelodi oorskry dié te Atteridgeville en Saulsville na verhouding. Afgesien van die groot getal bywonings maak die afwesigheid van 'n kliniek om Mamelodi-Oos te dien, dit nodig om ernstig te dink aan die aanstelling van meer kindersorgverpleegsters om huisbesoeke in hierdie afgeleë gebied te doen. Op hierdie wyse sou bystand aan hierdie inwoners gebied kon word totdat ons in staat is om 'n kliniek daar te stel.

Vanaf 1 November 1965 is een weeklikse kindersorg-, immuniserings- en buitepasiëntkliniek te Laudium en Eersterust ingestel. As gevolg van die tekort aan personeel, veral geneeskundige personeel, was dit nodig om hierdie dienste vir beide genoemde gebiede tot een sessie per week te beperk.

Die syfers vir die twee maande November en Desember net vir die kindersorgbywonings toon die behoefte aan uitbreiding. Met bywonings soos hulle nou is, vind die personeel dit baie moeilik om die werk met slegs een weeklikse sessie te behartig, en dit was nodig vir hulle om baie laat by hierdie klinieke te bly.

PERSELE.

Gedurende die verslagjaar is die immuniseringsklinieke vir Blankes in Pretoria-Noord eers by die ou munisipale geboue in daardie gebied gehou en toe na die ou Pretoria-Noordse Stadsaal verskuif. Laasgenoemde perseel was egter vir die meeste Pretoria-Noord-inwoners en ook die inwoners in die aangrensende gebied van Wolmer, nie gunstig geleë nie. Deur die welwillendheid van die Provinsiale Owerheid word die immuniseringsklinieke nou in sy gebou in Jack Hindonstraat, Pretoria-Noord, gehou, wat op 'n baie gunstiger geleë perseel is.

Die weeklikse sessie te Silverton word in die ingangsportaal van die ou Stadsaal gehou en alhoewel dit nie 'n ideale plek vir hierdie diens is nie, sal dit weens die noodsaaklikheid van so 'n diens volgehou moet word totdat 'n geskikter perseel verskaf word.

Baie versoeke is van inwoners van die onlangs ingelyfde voorstede Koedoespoort, Môregloed, Waverley, Sinoville, Queenswood, Valhalla, Waterkloof en Monumentpark ontvang om die verskaffing van kindersorgklinieke en die dienste van gesondheidsbesoeksters om hulle te help met probleme in verband met hul babas.

Die Villieriakliniek in 29ste Laan word goed bygewoon en 'n groot aantal van die pasiënte wat dit bywoon, is uit die aangrensende gebiede van Waverley en Môregloed afkomstig.

Daar sal uit die voorgaande gemerk word dat ernstige aandag in die nabye toekoms geskenk sal moet word aan die verskaffing van klinieke en die aanstelling van bykomende geskikte personeel vir diens aan inwoners in die ingelyfde gebiede wat in dié verslag genoem word.

ALGEMEEN

Die resultate van die ondersoeke wat deur Gesondheidsbesoeksters tesame met die Aansteklike Siektesinspektoraat in verband met stafilokok-infeksies uitgevoer is, word in die deel van hierdie verslag wat met aansteeklike siektes te make het, verstrekk.

Hierdie deel van die werk is nog nie tot sy volle potensiaal ontwikkel nie. Een rede hiervoor is dat dit 'n nuwe terrein was waarin ons nuwe weë moes verken wat voorheen vir ons onbekend was. 'n Ander rede is dat, weens die bedanking van verskeie gesondheidsbesoeksters gedurende die jaar, waarvan een die Inspektrise van Verpleeginrigtings was, dit as gevolg van die personeeltekort baie moeilik geword het om die werk te behartig en daarbenewens nog 'n senior persoon op te lei om 'n redelik swak omskrewe plig te verrig terwyl 'n buitengewone aantal gevalle ook gehanteer word.

Die werk in verband met stafilokok-infeksie sluit nie net pasiënte in nie, maar ook personeel en toerusting by private Blanke- en Nieblankekraaminrigtings. Hierdie saak sal beslis ook verbeter met 'n verbetering in die personeelposisie en sal uiteindelik die voordeel wat deur die aanwending van nuwe kennis, belangstelling en inspanning behaal is, weerspieël.

Vroeër in hierdie verslag is die behoefte aan groter bekwaamheid en insig aan die kant van die personeel, om gesondheidsvoorligting en geestesgesondheid te bevorder, genoem. Aangesien ons geen geneeshere en verpleegsters met spesiale opleiding in psigiatrie in ons personeel het nie, het ons, soos in die verlede, moeders en ouers toegelaat om hulle konflikte te verlig deur hulle probleme met personelede te bespreek. Dit het meer tyd en dikwels herhaalde sessies met hierdie moeders wat hulp nodig gehad het, vereis. Waar die aandag van 'n spesialis nodig was, is hierdie gevalle dienoreenkomstig verwys.

Haastige huisbesoeke slegs as 'n middel om statistiese gegewens in te win, word nie goedgekeur nie. Baie praktykgevalle kon aangehaal word van die uiteindelijke voordeel vir die hele gesin waar 'n emosioneel versteurde en onseker moeder haar probleme met 'n Gesondheidsbesoekster bespreek het en dan vir verdere hulp na geskikte oorde verwys is.

Deur die vriendelike vergunning van die Departement van Landbou-egniese Dienste is een van hulle gekwalifiseerde dieetkundiges nou ook by die voorgeboortekliniek te Danville behulpsaam. Voorheen het slegs moeders by die Sentrale en Herculesklinieke die voordeel daarvan gehad om deur die dieetkundige gehelp te word.

Nie alleen word 'n toereikende dieet vir die verwagte moeder bespreek nie, maar voorligting oor huishoudelike ekonomie in die algemeen word gegee.

Ondersoeke na doodgeboortes en sterftes by kinders tot die ouderdom van 5 jaar vir alle rasse, het voortgeduur. Inligting in verband met die Nieblankegebiede is egter nog steeds nie akkuraat nie, aangesien baie gevalle slegs van 6 tot 18 maande ná die geboorte onder ons aandag kom.

Ontspanningsoefeninge vir verwagte moeders wat ons voorgeboorteklinieke vir Blankes bywoon, het deur die jaar voortgeduur. Hierdie oefeninge word eenkeer per week by die Sentrale Kliniek gegee, en 'n Gesondheidsbesoekster wat spesiale onderrig in hierdie verband gehad het, is in bevel van hierdie sessies. Wesenlik is die beginsels dié van bevalling sonder vrees.

Gedurende hierdie sessies word sake in verband met voorbereiding gedurende swangerskap, die verloop van barensweë, die kraamtyd, ens., ook met die moeders bespreek. In die afwesigheid van geriewe om films te vertoon, gebruik ons 'n baie werklikheidsgetroue atlas wat deur die Maternity Centre in New York uitgegee word.

Die verwagte moeders geniet hierdie sessies aangesien menige verborge vrees deur die verklaring van wat vir hulle onbekend was, verlig word en ná bevalling het hulle al dikwels hul dankbaarheid uitgespreek.

DIE STAATSKEMA VIR DIE TOEDIENING VAN AFGEROOMDE MELKPOEIER.

Hierdie skema het in werking gebly in die gebiede Hercules, Saulsville, Kampong, Atteridgeville en Mamelodi.

Die gemiddelde getal gevalle vir die Blankegebied van Hercules is omtrent 92 per maand. Hier is die melkpoeier, soos in die verlede, aan kinders wat aan wanvoeding ly of waar daar onvermoë bestaan om toe te neem in gewig, uitgereik. Hierdie onvermoë om toe te neem in gewig waar daar nie liggaamlike siekte is nie, word met die sosio-ekonomiese agtergrond van die gesin in verband gebring. Samewerking met die kliniek en die skema is hier omtrent 100%.

Die gemiddelde totale getal gevalle wat maandeliks die Nieblankesentrums van Atteridgeville, Saulsville, Kampong en Mamelodi bywoon, is 336.

By alle klinieke waar gevalle beterskap toon terwyl hulle melkpoeier kry, word dit aan die gewilligheid en verstandigheid van die moeders of voogde om in alle opsigte met die kliniek saam te werk, toegeskryf. In die meeste van hierdie gevalle was dit nie nodig om die kinders vir meer as 3 tot ses maande van melkpoeier te voorsien om die verlangde beterskap te sien nie. Bogemelde geld vir ongeveer 75% van die gevalle in Saulsville, 50% in Atteridgeville en 20% in Mamelodi en die Kamponggebiede.

In gevalle waar bogemelde nie van toepassing is nie, is die gewone uitslag dat die moeders ten spyte van voorligting en opvolging tuis deur die verplegingpersoneel, versuim om klinieke gereeld by te woon, of anders die klinieke net gereeld bywoon totdat hulle dink dat die kind herstel het en dan geen rede vir verdere bywoning sien nie. Baie van hulle het hul maande later met dieselfde kind in 'n verswakte en betreurenswaardige toestand by een of ander van die klinieke aangemeld. Verskeie van die gevalle van kwasjiorkor wat ons aangemeld het, het so 'n agtergrondgeskiedenis gehad.

Baie van dié wat versuim om die klinieke gereeld by te woon, glo nie dat die kliniese tekens en simptome van wanvoeding aan gebrek aan die regte voedingstowwe te wyte is nie, maar glo dat dit 'n „siekte” is, en dat dit met „medisyne” genees moet word.

Gebrek aan geld om vir die melkpoeier te betaal, is nie al moeilikheid met hierdie probleemgevalle nie. Oor die algemeen is dit blykbaar eenvoudig belangeloosheid in wat aan hulle gebied word wat betref die uitreik van melk asook pogings tot voorligting.

Die gevalle wat as gevolg van ongereelde en onbevredigende bywoning uit die skema uitgeskakel is, is deur ander vervang sodat die skema nie stilstaan nie.

Die plaaslike Indiërbevolking bly onbevatlik vir voorligting oor die waarde van afgeroomde melkpoeier. Die feit dat die afgeroomde melkpoeier minder as geregistreerde handelsmerke van volroommelkpoeier kos, is so ver dit hierdie moeders aangaan, 'n aanduiding van die minderwaardige gehalte van die afgeroomde melkprodukt.

Dié gevalle wat weens wanvoeding by die skema ingesluit is, het nie kwasjiorkor ontwikkel nie mits hulle gereeld die klinieke bygewoon het. Die waarde van hierdie skema lê nie soseer daarin dat so baie werklike gevalle van kwasjiorkor behandel is nie, maar dat gevalle van verskillende grade van wanvoeding behandel is en daardeur verhoed is om in hierdie toestand te verval.

Al die gevalle wat die klinieke gereeld bygewoon het en deur die Geneeskundige Beampte ontslaan is toe hy dit gerade geag het, het nie die gewone maagdermonsteking gehad wat by die gevalle wat nie versorg is nie, gevind word.

Die gemiddelde tydperk waarvoor pasiënte die melkpoeier ontvang voor genesing of beterskap merkbaar is, en sodoende staking regverdig, wissel baie. Waar die bywonings gereeld is, is daar 'n verbetering en toename in gewig binne die eerste twee of drie weke en dit duur voort totdat algehele beterskap merkbaar is. Sulke gevalle word gewoonlik binne 3 tot 6 maande ontslaan. In ander gevalle, waar samewerking van die moeder nie heeltemal bevredigend is nie, kan dit enigiets van 6 maande tot een jaar neem om 'n bevredigende uitwerking te hê.

In die Blankegebiede is daar verskeie gevalle wat so lank soos twee jaar aan hierdie skema deelgeneem het. Die rede hiervoor is dat die afgeroomde melkpoeier in baie van hierdie gevalle die enigste bron van geskikte proteïene is wat hierdie kinders het.

Dit sou kon verklaar waarom ons ten spyte van swak sosio-ekonomiese toestande in die Blankegebied nog nie een aangemelde geval van kwasjiorkor gehad het nie. Om hierdie rede word die langdurige toediening van die afgeroomde melkpoeier as regverdigbaar beskou.

Alhoewel daar 'n paar ontmoedigende feite uit bogenoemde spreek, is die uitbreiding en die volhou van die skema die voortdurende wens van alle geneeskundige en verplegingpersoneel wat daarby betrokke is.

HUISBESOEKE DEUR GESONDHEIDSBESOEKSTERS.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

1965.	Eerste besoeke	Daaropvolgende besoeke	Getal siek babas besoek	Totale besoek
	3,591 (4,249)	2,352 (3,125)	853 (832)	6,851 (8,399)

BESONDERHEDE VAN KLINIEKBYWONINGS.

(Syfers vir 1964 tussen hakies).

	Eerste bywoning	Herbywoning	Deur geneesheer ondersoek
Sentraal (Dinsdag).....	3 (10)	369 (717)	402 (697)
Sentraal (Woensdag).....	163 (202)	1,323 (1,308)	
Sentraal (Vrydag).....	137 (198)	1,017 (1,417)	
Bloedstraat.....	38 (61)	533 (1,183)	
Weseinde.....	146 (230)	2,005 (3,752)	682 (768)
Proclamation Hill.....	42 (75)	682 (924)	45 (71)
Yskor.....	45 (73)	426 (618)	
Gezina.....	60 (57)	378 (388)	
Villieria (Woensdag).....	142 (175)	1,305 (1,177)	335 (469)
Villieria (Donderdag).....	101 (119)	842 (1,112)	
Wonderboomsuid.....	37 (88)	328 (537)	
Mayville.....	87 (133)	836 (955)	
Capital Park.....	37 (82)	602 (1,040)	
Hatfield.....	36 (60)	356 (828)	
Nieu-Muckleneuk.....	64 (98)	542 (1,392)	
Sunnyside (Dinsdag).....	136 (202)	1,572 (2,270)	
Sunnyside (Woensdag).....	126 (151)	1,383 (2,044)	
Riviera.....	100 (99)	845 (1,222)	57 (92)
Salvokop.....	14 (39)	389 (740)	
Danville.....	102 (461)	1,463 (1,715)	428 (599)
Weermagterrein.....	5 (11)	336 (238)	
Arcadia.....	90 (102)	938 (1,796)	
Tentoonstellingsterrein.....	15 (33)	325 (512)	
Hercules.....	224 (277)	3,861 (3,773)	943 (1,376)
Booysens.....	74 (75)	722 (839)	
Mountain View.....	109 (160)	1,348 (1,846)	
Pretoria Gardens.....	97 (160)	1,005 (1,817)	
Rietfontein-Noord.....	31 (44)	215 (364)	
Voortrekkerweg.....	54 (58)	229 (355)	
Pierneefstraat.....	72 (74)	582 (838)	
Brooklyn.....	74 (84)	690 (1,045)	

BYWONINGS VAN VOORGEBOORTELIKE KLINIEKE.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

	Sentraal	Danville	Hercules	Totaal
Getal nuwe gevalle.....	177 (149)	63 (66)	127 (114)	367 (329)
Totale bywonings.....	984 (817)	371 (566)	762 (826)	2,117 (2,209)

TANDKLINIEK.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

Getal gevalle wat Tandkliniek bygewoon het.....	10 (21)
---	---------

Intensiewe gesondheidsvoorligting op hierdie terrein, ten einde die bestaande bevooroordeeldheid, veral in verband met tandheelkundige sorg gedurende swangerskap te bowe te kom, is blykbaar die enigste oplossing om die huidige onbevredigende toestand te verander.

IMMUNISERING.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

Getal gevalle ten volle teen difterie geïmmuniseer.....	4,556 (3,060)
Getal gevalle ten volle teen kinkhoes geïmmuniseer.....	2,915 (2,793)

KRAAMTOESIG.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

Getal kraamtasse geïnspekteer.....	85 (123)
Getal besoeke aan vroedvroue.....	47 (95)
Getal besoeke aan vroedvrouegevalle.....	— (4)
Getal besoeke aan kraaminrigtings.....	45 (80)

TEHUISE VIR BEJAARDES.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

Getal tehuise vir bejaardes.....	20 (25)
Getal besoeke aan tehuise vir bejaardes.....	26 (45)

Inspeksies van tehuise vir bejaardes word deur 'n senior lid van die Gesondheidsbesoekster se personeel tesame met die Gesondheidsinspeksiepersoneel uitgevoer. Sonder die nodige wetgewing is dit moeilik om verbeterings teweeg te bring. Sulke wetgewing sal, wanneer dit aangeneem word, nie alleen aandag aan fisiese versorging van die oues van dae moet skenk nie, maar ook aan die geestelike sy daarvan.

KLEUTERSKOLE.

Talryke versoeke het van verskillende Kleuterskole in die Stad gekom om mediese toesig deur ons personeel en gereelde mediese ondersoek van die kinders. As gevolg van die personeeltekort was dit egter moontlik om slegs in die geval van vier kleuterskole met kinders uit huise in die meer behoeftige gebiede asook een so 'n skool wat aan 'n weeshuis verbonde is, aan hierdie versoeke te voldoen.

STATISTIEKE TEN OPSIGTE VAN NIEBLANKES.

Soos in die verlede word kliniekdienste vir Nieblankes by Atteridgeville, Saulsville, Kampong en Mamelodi verskaf en soos voorheen gemeld is, is immunisering-, kindersorg-, en buitepasiëntedienste aan die begin van November vir die gebiede Laudium en Eersterust ingestel.

Staflokok-ondersoeke onder Nieblankes word op dieselfde manier as dié vir die Blankebevolking onderneem en daar word in die deel oor aansteeklike siektes hieroor verslag gedoen.

Daar is vroeër in hierdie verslag oor die ondersoeke na doodgeboortes en sterftes van kinders onder die ouderdom van 5 jaar verslag gedoen.

Ons vind nog steeds dat die oorsaak van dood in baie gevalle op die doodsertifikaat as te wye aan „natuurlike oorsake" aangedui word. Dit is natuurlik ontoereikend vir ondersoekdoeleindes.

HUISBESOEKE.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate	Kleurlinge	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Mamelodi Bantoes
Eerste besoeke aan pasgeborenes...	6 (5)	96 (115)	69 (96)	865 (1,022)	1,019 (1,029)	1,488 (1,563)
Daaropvolgende besoeke.	8 (3)	486 (676)	504 (734)	3,699 (4,219)	1,049 (417)	668 (575)
Besoeke aan siek kinders	— (—)	56 (89)	17 (21)	— (—)	2 (12)	4 (2)
Getal siek kinders besoek	— (—)	48 (148)	— (—)	— (—)	— (—)	— (—)

KINDERWELSYNBYWONINGS.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate	Kleurlinge
Eerste bywoning.....	339 (327)	226 (194)	195 (150)
Herhaalde bywoning.....	1,997 (2,203)	2,363 (2,906)	2,094 (2,514)
Deur geneesheer ondersoek.....	943 (867)	850 (1,002)	873 (849)

	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Mamelodi Bantoes	Laudium Indiërs	Eersterust Kleurlinge
Eerste bywoning	1,118 (1,115)	2,040 (2,314)	2,778 (2,445)	25 (—)	76 (—)
Herhaalde bywoning.....	20,004 (19,078)	27,141 (25,870)	37,534 (30,711)	348 (—)	343 (—)
Deur geneesheer ondersoek....	8,063 (7,362)	8,734 (8,959)	11,745 (9,873)	201 (—)	334 (—)

VOORGEBOORTELIKE KLINIEK.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

	Bantoes	Kampong Asiate en Kleurlinge	Atteridgeville Bantoes	Saulsville Bantoes	Mamelodi Bantoes
Getal nuwe gevalle wat by die kliniek aangemeld is..	1,050 (835)	247 (248)	1,180 (1,241)	1,733 (1,968)	1,857 (1,736)
Getal bywonings	4,467 (3,990)	2,068 (2,032)	8,041 (7,924)	8,816 (10,722)	11,312 (9,631)

BEVALLINGS DEUR VROEDVROU WAARGENEEM.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

	Atteridgeville	Saulsville	Mamelodi
	367 (396)	657 (445)	185 (161)

IMMUNISERING.

(Syfers vir 1964 tussen hakies.)

Getal gevalle teen difterie geïmmuniseer.....	3,317 (2,697)
Getal gevalle teen kinkhoes geïmmuniseer.....	2,618 (2,306)

MEDIESE ONDERSOEKE.

Altesaam 1,802 sulke mediese ondersoeke is deur mediese beamptes van die Gesondheidsafdeling uitgevoer. Die syfer dek mediese ondersoeke van persone wat by die munisipaliteit diens aanvaar, spesiale mediese ondersoek ingevolge die Ongevallewet of weens pensioenfonds- of ander redes.

PRETORIASE SLAGPLAAS.

Die personeelstaat by die Slagplaas is soos volg:

Bestuurder	Dr. W. J. Wheeler.
Hoofklerk	Mnr. A. G. B. Pattison.
Tikster	Een.
Superintendent, Nuweprodukte en Verkoelingsinstallasie	Mnr. B. de Lange.
Streekvleisinspekteur	Mnr. T. G. van der Heever.
Toesighoudende vleisinspekteur	Een
Vleisinspekteurs	Sewe
Instandhoudingsbeampste	Een
Werkwinkel-assistent	Een
Senior Masjien- en Stoomketelbedieners	Vier
Masjien en Stoomketelbedieners	Vier
Werkvoorman	Een
Werkplaas-assistente	Twee
Skoonmaker/Nasieners	Drie
Skoonmakers	Drie
Totaal Blankes	32
Nieblankes	47

Ek moet met leedwese die tragiese dood van 'n jong vleisinspekteur R. Swartz, as gevolg van 'n ongeluk terwyl hy tuis aan sy motor gewerk het, vermeld.

Dit was weer eens onmoontlik om al die vakatures vir vleisinspekteurs in die loop van die jaar te vul en ons moes weer eens 'n beroep op aflospersoneel van die Gesondheidsafdeling doen om die noodsaaklike inspeksiedienste by die Slagplaas in stand te hou.

VEEVOORRADE.

Die droogte het onversaak die hele jaar deur in die Noordelike Gebiede waar die meeste van Pretoria se beeste vandaan kom, voortgeduur.

Daar is 'n duisend beeste minder as in die vorige jaar geslag. Hulle toestand was egter bo verwagting. Die meerderheid was spesiaal gevoerde diere wat uit die weg geruim moes word voordat voervoorrade uitgeput geraak het.

Teen die einde van die jaar het dit geblyk dat boere onvermydelik gedwing is om van hul teel-vee wat hulle wou behou, te verkoop.

Die prys van beesvleis styg geleidelik en dit wil voorkom of dit vir 'n lang tyd hoog sal bly, selfs al sou goeie reëns binnekort val.

Soos in die vorige jaar was skape in 'n baie goeie toestand altyd beskikbaar en met tye was die lêplek onvoldoende om die vee wat per spoor aangekom het, te hanteer. Dit het dikwels genoodsaak dat diere in trokke moes oorstaan aangesien hokke dikwels oorvol was.

Omdat die slag van skape net tot namiddae beperk is, kan die verhoogde vereiste aantal geslagte skape slegs verkry word deur oortyd te werk.

Deur die hele jaar is varke aangebied en met tye het lêplek só oorvol geraak dat nog diere geweier moes word. Pryse het af en toe aanmerklik gedaal en die Vleisbeheerraad is dikwels genoopt om groot getalle van die beter graad karkasse te koop.

Ten spyte van die daling in die aantal beeste wat geslag is, sal daar gemerk word dat die totale getal geslagte beeste vermeerder het sodat die getal beeste eenhede wat gehanteer is, eintlik met ongeveer 2,000 verhoog is.

Daar was ook 'n klein toename in die getal ekwines wat geslag is. Hierdie funksie word nog steeds in die namiddae ná die slag van skape verrig. Die vleis van hierdie diere dien meestal om die Dieretuin te voorsien en dien ook as voedsel vir troeteldiere.

Die daling in geslagte pluimvee is waarskynlik veroorsaak deur die verskuiwing van die pluimveemark na die nuwe Algemene Mark.

Oor sekere vakansietye was die pluimveeslagplaas nog oorlaai sodat oortyd gewerk moes word om die aanvraag te hanteer.

NUWE SLAGPLAAS.

Vroeg in die jaar het die Minister van Landbou-ekonomie en -bemarking ingestem om twee Raadslede en die Bestuurder van die Slagplaas van die Stadsraad van Pretoria tesame met lede van die Vleisbeheerraad en die Departement van Landbou-ekonomie en -bemarking, in Kaapstad te woord te staan.

Daar is aan die Minister verduidelik waarom die Raad die aanbou van 'n nuwe slagplaas aan private onderneming wil oorlaat. Die Minister het die Raad se onttrekking aan die onderneming geredelik aanvaar en die amptenare van die Vleisbeheerraad aangesê om te poog om die vleishandel te oorneem om 'n maatskappy te vorm om die oprigting van 'n slagplaas vir Pretoria te onderneem.

'n Vergadering van belanghebbende liggame is daarna gehou en sommige van die teenwoordiges het onderneem om die stigting van so 'n maatskappy te ondersoek. Geen amptelike verslag oor die uitslag is egter ontvang nie.

VERBETERINGS AAN SLAGPLAAS.

Soos in die loop van die vorige jaar besluit is, sou minimum verbeterings ter waarde van R250,000 onderneem word om te verseker dat die Slagplaas vir die volgende 5 jaar in werking bly. Die hoop is uitgespreek dat daar gedurende 1965 met die werk begin sou word, maar dit kon nie uitgevoer word nie en daar word nou gehoop dat die aanvang in die eerste helfte van 1966 sal wees. Die onderneming sal ietwat deur anti-inflasiemaatreëls wat deur die Staat ingestel is, vertraag word.

Hierdie maatreëls het veroorsaak dat die Raad se besluit om 'n nuwe pluimveeslagplaas by die Algemene Mark op te rig, uitgestel is.

NEWEPRODUKTE.

Die hoeveelheid neweprodukte wat geproduseer is, het verder in die loop van die jaar gedaal. Jong gevoerde beeste is meesal geslag sodat die persentasie masels wat gevind is, verminder is. Hierdie siekte is gewoonlik die rede vir die meeste afkeurings. Daar was ook 'n daling in die persentasie varke wat weens masels afgekeur is.

Weens die ondoeltreffendheid van masjinerie en die gebrekkige konstruksie van geboue is die kwaliteit van neweprodukte nie bevredigend nie. Die moontlikheid om 'n nuwe metode van vervaardiging in te stel, word tans ondersoek met inagneming van die verbeterings wat aangebring moet word.

SIEKTES AANGETREF.

Die meeste beeste is soos gewoonlik weens masels (sistiskose) afgekeur, alhoewel die voorkomssyfer weer eens laer as in die vorige jaar was. Dit was waarskynlik daaraan te wyte dat minder beeste van die swaarbesmette droogtegeteisterde gebiede gekom het.

Daarbenewens is ook baie jong diere wat in afsondering gevoer is, ontvang, sodat die syfers nie noodwendig 'n ware beeld van die graad van besmetting gee nie.

Kneusing veroorsaak nog steeds groot verlies aan vleis, alhoewel baie boere hulle beeste ont-horing. Weens die lang afstande waarvoor diere vervoer moet word en deurdat lêplek onvoldoende is, sal dit moeilik wees om skade aan velle en karkasse uit te skakel.

Gereelde gevalle van besnoitiose (olifanthuidsiekte) en sarkosporidiose is weer aangetref. Weer eens is slegs sporadiese gevalle van tuberkulose aangetref.

Gelukkig is geen gevaarlike siektes soos bek-en-klouseer, hondsdoelheid of miltsiekte gediagnoseer nie.

By varke was masels weer die oorsaak van die meeste afkeurings terwyl tuberkulose selde voorgekom het en dan meesal van plaaslike aard in varke van Bantoes.

'n Waarskuwing van die Sekretaris van Gesondheid dat leptospirose by varke in hierdie land aangetref is, het daartoe gelei dat ons hulle veral vir hierdie siekte ondersoek het en voorsorg-maatreëls getref het dat mense nie met die siekte besmet raak nie.

By skape het kaasagtige limfklierontsteking nog wydverspreid voorgekom veral by merino's deur infeksie van skeerwonde, terwyl 'n groot persentasie lewers afgekeur is weens besmetting met die lintwurm *stilesia hepatica*. In teenstelling hiermee is die meeste lewers in beeste weens lewerslakbesmetting afgekeur.

Vervoersiekte het nog baie skape, veral lammers geaffekteer weens die stremming van vervoer. Gelukkig kon groot getalle nog benut word sodra die simptome opgemerk is.

By pluimvee was die siektes wat hoofsaaklik aangetref is, nog steeds kwaadaardige gewasse en peritonitis.

KOELKAMERGERIEWE.

Hierdie geriewe is nog nie verbeter nie en sal moet wag op die algemene verbeterings wat beoog word. Bevriesing van baie maselagtige karkasse in private koelkamers sal dus nog onder toesig van die slagplaaspersoneel onderneem moet word.

ALGEMEEN.

Lesings is weer aan twee groepe vleisinspeksiestudente gegee terwyl mediese en ander studente-groepe van tyd tot tyd deur die slagplaas begelei is.

Spesiale ondersoeke van sekere karkasse vir Staatsinrigtings is nog onderneem.

Baie monsters is spesiaal vir die Onderstepoortse Veeartsenykundige Navorsingsinstituut versamel.

Aangesien toestande by die Slagplaas aan die chaotiese grens, word daar opreg gehoop dat die verbeterings wat 'n mate van verligting sal meebring, gedurende 1966 voltooi sal word.

Daar word ook gehoop dat die Staat binnekort tot 'n belissing sal geraak oor wie die nuwe slagplaas vir Pretoria moet bou, want die onderneming sal 'n hele paar jaar neem om voltooi te word.

JAARVERSLAG VIR DIE TYDPERK 1 JANUARIE TOT 31 DESEMBER 1965

	1963	1964	1965
Bulle.....	1,633	1,916	1,923
Koeie.....	33,083	33,144	35,072
Osse.....	63,210	68,762	65,827
Totaal: Beeste.....	97,926	103,822	102,822
Kalwers.....	5,513	5,872	5,226
Skape.....	217,686	240,104	273,317
Bokke.....	614	1,401	1,021
Varke.....	37,198	41,794	45,085
Totaal.....	358,937	392,993	427,471

TOENAME VAN 68,534 DIERE SEDERT 1963.
(VYF JAAR) TOENAME VAN 122,454 DIERE SEDERT 1960.

EKWINES.

	1964	1965
Donkies.....	226	401
Perde.....	1,063	1,013
Muile.....	10	9
Totaal.....	1,299	1,423

PLUIMVEE.

	1964	1965
Hoenders.....	48,797	43,074
Eende.....	2,650	1,602
Duiwe.....	79	36
Kalkoene.....	2,248	1,929
Ganse.....	67	31
Kuikens.....	829	533
Konyne.....	49	24
Totaal.....	54,719	47,239

AFGEKEURDE BEES-, SKAAP-, VARK- EN KALFKARKASSE EN -ORGANE.

	Beeste	Kalwers	Skape en bokke	Varke
Karkasse.....	1,683	475	264	1,359
Koppe.....	842	—	—	98
Harte.....	516	—	—	—
Binnegoed.....	1,122	—	147,817	1,245
Niere.....	961	—	102	—
Lewers.....	8,263	—	104,261	2,710
Longe.....	3,589	—	3,895	4
Hartslag.....	1,641	—	19,421	1,283
Kwarte.....	277	2	335	35
Milte.....	749	—	—	—
Sterte.....	710	—	—	—
Tonge.....	861	—	—	—
Afval.....	864	—	69	—
Uiers.....	8,488	—	—	—
Ingewande.....	1,598	—	—	—

TOTALE AFKEURINGS.

	1964	1965
Beeste.....	1.976%	1.637%
Skape en bokke.....	0.125%	0.096%
Kalwers.....	13.777%	9.089%
Varke.....	3.967%	3.014%

SISTISERKOSE (MASELS).

1964			
	Totaal aangetas	Totaal afgekeur	Totaal in koelkamer behandel
Beeste.....	9,010 of 8.678%	1,587 of 1.520%	7,423 of 7.149%
Varke.....	1,698 of 4.062%	1,521 of 2.639%	177 of 0.4235%
1965			
Beeste.....	7,566 of 7.35%	1,324 of 1.288%	6,242 of 6.07%
Varke.....	1,364 of 3.02%	1,216 of 2.697%	148 of 0.328%

ORGANE VAN KARKASSE WAT MET SISTISERKOSE BESMET WAS EN IN MUNISIPALE SLAGPLAASKOELKAMER BEHANDEL IS.

Harte	Lewers	Sterte	Tonge	Koppe
5,795	4,608	5,875	—	5,756

VOORKOMS VAN TUBERKULOSE.

1964			
	Getal aangetas	Getal algemeen	Getal gelokaliseer
Beeste.....	32 of 0.0308%	19 of 0.0183%	13 of 0.0125%
Varke.....	132 of 0.315%	51 of 0.122%	81 of 0.193%
1965			
	Getal aangetas	Getal algemeen	Getal gelokaliseer
Beeste.....	15 of 0.0145%	15 of 0.0145%	Geen
Varke.....	131 of 0.291%	67 of 0.149%	64 of 0.142%

INGEVOERDE VLEIS WAT IN KOELKAS BY MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	55
Harte.....	23
Tonge.....	34
Sterte.....	34
Lewers.....	9
Koppe.....	43
Milte.....	1

INGEVOERDE VLEIS WAT IN ANDER KOELKAMERS AS MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS (MASELS).

Beeskarkasse.....	185	Varkkarkasse.....	Geen
Harte.....	185		
Tonge.....	185		
Lewers.....	185		
Sterte.....	185		

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE EN ORGANE WAT IN ANDER KOELKAMERS AS MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	2,683	Varkkarkasse.....	Geen
Tonge.....	5,782		

TOTALE AANTAL MASELAGTIGE KARKASSE WAT IN KOELKAMERS BY DIE MUNISIPALE SLAGPLAAS BEHANDEL IS.

Beeskarkasse.....	3,437
Varkkarkasse.....	146

INSPEKSIES BY KOELKAMERS (MASELAGTIGE KARKASSE).

Inspeksies uitgevoer.....	485
Oortredings waarmee gehandel is.....	37
Kennisgewings beteken.....	32

TOTALE GETAL BLOEDSMERE WAT ONDERSOEK IS.

Totale getal diere wat in trokke en krale gevrek het.....	326
Totale getal diere wat van buite gebring is om vernietig te word.....	Geen
Totaal.....	326

Getal bloedsmeres wat ondersoek is: Beeste.....	32
Skape.....	253
Varke.....	41
	326

EKWINES AFGEKEUR.

2 Perde

GESLAGTE EKWINES.

Donkies	Muile	Perde
401	9	1,013

AFGEKEURDE PLUIMVEE.

Hoenders	Eende	Kalkoene
79	1	Geen

SIEKTES WAARVOOR PLUIMVEE AFGEKEUR IS.

	Hoenders	Eende
Peritonitis.....	8	—
Gangreen.....	2	—
Kwaadaardige gewasse.....	53	—
Absesse.....	3	1
Vermaering.....	2	—
Dood in hokke.....	11	—
Totale getal afgekeur.....	79	1

VERKOOPT NIEUWPRODUKTE VIR DIE JAAR GEËINDIG 31/12/1965.

	Ton	lb.
Karkasmeel.....	390	590
Bloedmeel.....	373	1,650
Vere.....	—	243
Varkhare.....	—	14,726
Vet.....	133	274

SIEKTES WAARVOOR KARKASSE ENS. AFGEKEUR IS

	Beeste Karkasse	Aangetaste dele	Kaluwers Karkasse	Aange- taste dele	Skape en bokke Karkasse	Aangetaste dele	Varke Karkasse	Aangetaste dele	Perde
Karsinoom.....	—	—	—	—	—	—	—	—	2
Kaasagtige Limfklier- ontsteking.....	—	—	—	—	29,282 (kwt)	19,573 (KL.)	—	—	—
Vermaering.....	18	—	40	—	16	—	17	—	—
Emfisiem.....	8	14 (kwt)	—	—	—	—	—	—	—
Uitwendige kneusing	17,446 (kwt)	82,562 lb.	8	2 (kwt)	4	9 (kwt)	11	42 (kwt)	—
Haarsakskurfte.....	—	—	—	—	—	—	1	—	—
Gangreen.....	27	20 (kwt)	6	—	2	—	17	—	—
Onrypheid.....	—	—	305	—	—	—	—	—	—
Geelsug.....	—	—	1	—	30	—	2	—	—
Masels.....	1,324	—	—	—	—	—	1,216	—	—
Sterwende.....	5	—	1	—	160	—	—	—	—
Veelvoudige absesse	3	3 (kwt)	14	—	—	2 (kwt)	19	2 (kwt)	—
Nawelkwaal.....	—	—	67	—	—	—	—	—	—
Buikvliesontsteking..	1	—	2	—	1	—	2	—	—
Bors- en buikvlies- ontsteking.....	4	—	—	—	—	—	—	—	—
Sarkosporidiose.....	26	—	—	—	—	—	—	—	—
Rooiwater.....	—	—	1	—	—	—	—	—	—
Septiese metritis....	1	—	—	—	8	2 (kwt)	—	—	—
Septiese mastitis....	1	—	—	—	—	—	—	—	—
Septiese buikvlies- ontsteking.....	22	—	—	—	—	—	—	—	—
Septiese borsvlies- steking.....	1	1 (kwt)	—	—	—	—	—	—	—

WERKSAAMHEDE VAN DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT

Op 31 Desember 1965 was die personeelsterkte van die Gesondheidsinspektoraat soos volg:

Hoofgesondheidsinspekteur.....	1
Assistenthoofgesondheidsinspekteurs.....	2
Streekgesondheidsinspekteurs.....	6
Toesighoudende Gesondheidsinspekteurs.....	7
Gesondheidsinspekteurs.....	30
Leerlinggesondheidsinspekteur.....	1
Nieblanke Gesondheidsinspekteurs.....	6
	<hr/>
	53
	<hr/>

Bowendien is daar:

Senior Knaagdier- en Muskietuitroeier.....	1
Knaagdier- en Muskietuitroeiers.....	4
Bantoe-arbeiders.....	27
	<hr/>
TOTAAL.....	85
	<hr/>

By die Slagplaas:

Streekvleisinspekteur.....	1
Toesighoudende Vleisinspekteur.....	1
Vleisinspekteurs.....	7
	<hr/>
	9
	<hr/>

Gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1965 was daar 'n gestadige stroom bedankings wat teen die einde van die jaar 'n ernstige tekort van 9 (19.56%) Gesondheidsinspekteurs en 3 (33.33%) Vleisinspekteurs tot gevolg gehad het.

Boonop was dit nie moontlik om meer as twee van die poste vir Nieblanke Gesondheidsinspekteurs te vul nie; dit laat 'n tekort van 66.66%.

Hierdie aanhoudende verlies aan personeel neem ernstige afmetings aan. Die aantal bekleërs van poste was teen die einde van die jaar minder as wat die volle gemagtigde personeelsterkte was voor die totstandkoming van Groter Pretoria in Julie 1964, toe die Pretoriase Munisipale gebied van sowat 73 na ongeveer 220 vierkante myl vergroot is.

Die werk van die Slagplaas vereis daaglik 'n bykans volle personeelsterkte. Om dit uit te voer, word Gesondheidsinspekteurs daaglik van die Gesondheidsafdeling geleen en op dié wyse word die aantal Gesondheidsinspekteurs wat vir werk in die stad en voorstede beskikbaar is, nog verder verminder.

Gewone verlof en siekteverlof eis ook 'n aantal van die beskikbare personeel. Al hierdie faktore, veral die leë poste, maak die taak om doeltreffendheid te handhaaf uiters moeilik aangesien sekere pligte soos ondersoeke van klagtes, plaagbeheer, lisensiëring, beheer van aansteeklike siektes, en ander, voorkeur moet geniet en dit ook wel kry. Noodsaaklike roetine-inspeksiewerk kan nie die nodige aandag geniet nie. Nietemin het die gesondheidstoestande in die stad bevredigend gebly en die volgende bladsye skets taamlik uitvoerig die werk wat deur die verskillende seksies van die Gesondheidsinspektoraat uitgevoer word. Spesiale hoofstukke oor aansteeklike siektes en melkbeheer sal elders in hierdie verslag aangetref word.

OPSOMMING VAN INSPEKSIES DEUR DIE GESONDHEIDSINSPEKTORAAT

Hier volg 'n opsomming van die inspeksies deur die Distriksgesondheidsinspekteurs, Slum- en Behuising-, Aansteeklike Siektes-, Voedsel-, Plaagbeheer- en Nieblankegebiedseksies gedurende die kalenderjaar 1965. (Syfers vir vorige jaar tussen hakies):

Totale getal inspeksies gedoen (melkery uitgesluit).....	115,792 (122,421)
Oorlaste waarmee gehandel is.....	35,835 (35,298)
Oorlaste weggeruim.....	35,038 (34,214)
Klagtes waarmee gehandel is.....	5,753 (5,522)
Lisensie-aansoeke waarmee gehandel is.....	6,149 (5,507)
Monsters geneem van water (bakteriologies en skeikundig).....	479 (353)
Monsters geneem van eetware (melk uitgesluit).....	592 (551)
Navaagbesoeke insake aansteeklike siektes.....	3,497 (4,206)

AANGELEENTHEDE NA ANDER AFDELINGS OF AFDELINGSHOOFDE VERWYS

Stadsingenieur.....	240
Lisensiehoof.....	47
Direkteur van Nieblankesake.....	82
Direkteur van Parke en Ontspanning.....	45
Verkeershoof.....	13
Stadselektrisiteitsingenieur.....	34
Hoofbehuisingbestuurder.....	18
Direkteur van Stadsbeplanning en Argitektuur.....	84

VERVOLGINGS:

Hier volg 'n ontleding van die vervolgings wat die Afdeling gedurende 1965 ingestel het en die resultate daarvan:—

Aard van oortreding	Totale getal vervolgings	Getal skuldig bevind	Getal onskuldig bevind	Terug- getrek	Boetes
Versuim om bouerslatrines te verskaf	6	4	1	1	R32.00
Versuim om aan kennisgewing te voldoen.....	30	25	—	5	R106.00 Gewaarsku
Versuim om voedsel gedurende aflewering te beskerm.....	1	1	—	—	R2.00
Vlieëbroeiery.....	1	1	—	—	Gewaarsku
Versuim om perseel netjies te hou en oorbewoning (Slumregulasies).....	2	2	—	—	R10.00 Gewaarsku
Verkoop van roomys met onvoldoende melkvet.....	3	3	—	—	R30.00
Oormatige preserveermiddel in boerewors.....	1	1	—	—	R10.00
Oorbewoning van perseel.....	2	2	—	—	R2.00 Gewaarsku
Blootstelling van bakkerprodukte aan besmetting.....	1	1	—	—	R2.00
Aanhou van pluimvee sonder 'n permit.....	1	1	—	—	R5.00
Vuil toestand van perseel.....	1	1	—	—	R10.00
Blootstelling van voedsel aan besmetting.....	2	2	—	—	R20.00 Gewaarsku
Water by melk gevoeg.....	11	11	—	—	R115.00
Melk met onvoldoende vet.....	1	1	—	—	R7.00
Inbring van ongepasteuriseerde melk in munisipale gebied.....	1	1	—	—	Gewaarsku
TOTAAL.....	64	57	1	6	R351.00

VERVOLGINGS TERUGGETREK:

Beskuldigde het riele ten genoeë van hierdie Afdeling verander.....	1
Mededirekteur van die Maatskappy is van moord aangekla en die vereistes van die kennisgewing is nagekom.....	1
Beskuldigde het 'n siektesertifikaat getoon en het teen die datum van die verhoor aan hierdie Afdeling se vereistes voldoen.....	1
Beskuldigde het voor die datum van die verhoor aan die Afdeling se vereistes voldoen.....	1
Op versoek van die Hof teruggetrek omdat die beskuldigde voor die verhoor aan al die vereistes voldoen het.....	1
Deur die Afdeling teruggetrek omdat die beskuldigde aansienlike uitgawe aangegaan het om drie wonings van bevredigende huishoudelike watervoorraad te voorsien.....	1

GELISENSIEERDE PERSELE:

Hier volg 'n lys van persele en die getal van elkeen wat gedurende die jaar gelisensieer is. Die persele is met gereelde tussenpose geïnspekteer en daar is paslik opgetree om, waar nodig, enige onbevredigende toestande reg te stel:—

	Blankes	Nieblankes
Bakkers en banketbakkers (insluitende depots).....	33	3
Biljartsalonne.....	6	2
Bioskoopteekamers.....	3	—
Losieshuise.....	191	—
Steenbakkers.....	5	—
Slagters.....	209	53
Skoenmakers.....	56	17
Fietshandelaars.....	79	74
Melkerye.....	85	17
Droogskoonmaak-ontvangdepots.....	87	19
Velhandelaars.....	1	—
Visbakkers (groot- en kleinhandel).....	6	—
Vishandelaars.....	76	2
Varsproduktehandelaars.....	670	235
Fumigeerders en ontsmetters.....	4	—
Haarkappers.....	228	26

	Blankes	Nieblankes
Marskramers en venters.....	81	171
Hotelle.....	34	—
Roomysvervaardigers.....	3	—
Roomysverkopers.....	365	28
Wasserye en droogskoonmakers.....	60	6
Markstalletjies.....	12	39
Melkprodusente.....	419	2
Melkwinkels.....	344	47
Meulenaars.....	6	—
Koeldrankhandelaars.....	206	46
Koeldrankvervaardigers.....	5	1
Bantoe-eethuise.....	6	59
Pandjieshouers.....	—	—
Pluimveehandelaars.....	68	—
Lewensmiddelehandelaars.....	565	343
Lewensmiddelefabrieke.....	17	3
Openbare sale en vermaaklikheidsplekke.....	24	—
Klipgroewe.....	3	—
Restourante en teekamers.....	404	86
Handelaars in tweedehandse goedere.....	110	3
Leerlooierye.....	2	—
Teaters (inryteaters inbegrepe).....	18	5
Turkse baddens.....	1	—
Begrafnisondernemers.....	5	3
Houtsaers.....	4	—
Werkwinkels.....	346	7

BOUPLANNE:

Die volgende is 'n opsomming van die planne wat gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1965 ondersoek is:

Eerste keer voorgelê	Verdere voorlegging	Deur argitekte	Lokasies	Totaal
2,906	430	14	483	3,833

VROEËOGGEND- EN AANDINSPEKSIES:

Afgesien van die normale daaglikse inspeksies by die verskillende soorte persele, het die Distriksgesondheidsinspekteurs minstens een keer per maand vroeëoggend-inspeksies waargeneem en daarbenewens, wanneer nodig, saans of snags inspeksies uitgevoer, veral by plekke waar voedsel voorberei of bedien is.

Dit was deel van die normale pligte van inspekteurs, veral in die Voedselseksie, om inspeksies by hotelle, huise, restourante en ander plekke waar voedsel bedien word, gedurende middagetensuur, vroeg saans en snags uit te voer.

Die onderstaande tabel dui die soorte persele aan wat geïnspekteer is en die getal buitenstydse inspeksies wat gedurende die jaar uitgevoer is:—

Soort inspeksie	Totale getal inspeksies	Bevredigend bevind	Nie bevredigend nie
Slagterswinkels.....	760	564	196
Restourante.....	409	260	149
Voedselaflewering.....	197	179	18
Varsproduktehandelaars.....	53	39	14
Hotelle.....	68	62	6
Bantoe-eethuise.....	18	10	8
Melkerydepots.....	44	39	5
Bakkerie.....	16	14	2
Algemeen.....	30	23	7
Lewensmiddelefabrieke.....	9	7	2
	<u>1,604</u>	<u>1,197</u>	<u>407</u>

Voedselseksie (verskillende persele)

Naginspeksies.....	119	116	3
Middagetensuurinspeksies.....	282	237	45
Vroeëoggend-inspeksies.....	24	19	5
GROOTTOTAAL.....	<u>2,029</u>	<u>1,569</u>	<u>460</u>

Die volgende tabel verstrek 'n opsomming van die inspeksies uitgevoer en stappe gedoen deur die Distriksgesondheidsinspekteurs gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1965.

Oorlaste waarmee handel is	20,714
Kennisgewings bestel	2,891
Aansegings bestel	17,823
Kennisgewings nagekom	2,989
Oorlaste weggeruim	20,812
Oorlaste weer geïnspekteer	9,812
Klagtes waarmee handel is	5,019
Sianiedfumigeerders	48
Gebouvoltooiingstrookies	60
Lisensieaansoeke	5,274
Stalle	240
Slagterswinkels	6,728
Vishandelaars	697
Bakkerye	602
Restourante en teekamers	8,415
Losieshuise	911
Kruideniers- en lewensmiddelewinkels	5,510
Vrugte- en groentewinkels	5,402
Fabrieke	874
Haarkappersalonne	1,972
Melkerydepots en melkwinkels	1,065
Diverse inspeksies	3,857
Aangeleenthede wat na ander Afdelings verwys is	795
Huis-tot-huis-inspeksies	7,038
Naginspeksies	69
Vroeëoggend-inspeksies	1,339
TOTALE INSPEKSIES	65,727

PLAAGBEHEER DEUR DISTRIKSGESONDHEIDSINSPEKTEURS:

Hier volg 'n opsomming van die werk wat deur die Distriksgesondheidsinspekteurs in verband met knaagdier-, vlieë- en muskietbeheer verrig is gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1965:—

Knaagdiere:	
1. Klagtes ondersoek	392
2. Persele geïnspekteer en advies gegee	2,643
3. Kennisgewings en aansegings om valle of gif te gebruik	1,371
4. Kennisgewings wat vereis dat persele knaagdiervry gemaak word	267
5. Kennisgewings bestel ooreenkomstig 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is	278
6. Bestaande geboue voorsien van knaagdierwering	214
7. Nuwe geboue met knaagdierwering voltooi	150
8. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	—
9. Ophoping van vuilgoed of hout waar daar moontlik knaagdiere kan skuil, skoon-gemaak of verwyder	2,122
10. Getal knaagdiere gedood of as gedood gerapporteer	2,942
11. Voedselblikke met rotwering vir diere verskaf	113
12. Sake na Plaagbeheer verwys	32
13. Sake in verband met knaagdierbeheer na ander Afdelings verwys	11
Muskiete:	
1. Klagtes ondersoek	163
2. Inspeksies uitgevoer	951
3. Kennisgewings en aansegings uitgereik	454
4. Kennisgewings ooreenkomstig 3 hierbo bestel en voldoen aan	61
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	—
6. Broeiplekke uitgeskakel	313
7. Advies gegee betreffende muskietbeheer	625
8. Soorte muskiet gevind	Culex
Vlieë:	
1. Klagtes ondersoek	176
2. Inspeksies uitgevoer	1,065
3. Kennisgewings en aansegings uitgereik	490
4. Kennisgewings ooreenkomstig 3 hierbo bestel, en voldoen aan	62
5. Vervolgings weens versuim om aan regulasies te voldoen	1
6. Broeiplekke uitgeskakel	393
7. Advies gegee betreffende vlieëbeheer	662

VOEDSELSEKSIE.

Hierdie Seksie is verantwoordelik daarvoor om te sorg vir die higiëniese produksie, hantering en verspreiding van voedsel deur die hele Stad en in die Nieblankegebiede en het dikwels alle soorte persele waarop voedselhandel beoefen word, besoek.

Gereelde monsters van munisipale watervoorrade is by hulle bronne en by verskillende plekke deur die hele netwerk vir bakteriologiese ondersoek geneem. Gereelde monsters van die water in die agt swembaddens en twee plasdamme is gereeld vir bakteriologiese en skeikundige ondersoek geneem om die doeltreffende werking van die suiweringsinstallasies na te gaan en te verseker.

Die neem van monsters van die water uit private boorgate en putte, waarvan daar 'n paar is, is gedoen wanneer dit as nodig beskou is en wanneer monsters nie aan die standaard voldoen het nie, is daar van die eienaars verlang om die chloreringstoerusting reg te stel waar dit bestaan het, of, soos dit met die meeste die geval was, om die gebruik van boorgate of putwater vir huishoudelike doeleindes te staak en die persele met die Stad se netwerk te verbind.

Die aangehegte tabelle gee 'n uiteensetting van die soorte voedselmonsters wat gedurende die jaar vir bakteriologiese of skeikundige ontleding geneem is. Waar 'n monster onder standaard was, het 'n waarskuwing of 'n vervolging gevolg.

Hierdie Seksie het 'n hele jaar lank te min personeel gehad, maar alle moontlike pogings is aangewend om die toesig wat nodig is om sindelikeid in plekke wat met voedsel te make het, te handhaaf.

Groot hoeveelhede voedsel, waarvan besonderhede hieronder verstrekk word, is aan die Afdeling uitgelewer of daar is beslag daarop gelê omdat dit nie vir menslike verbruik geskik was nie. Dit is afgekeur en vernietig. 'n Gesondheidsinspekteur het daagliks die vroeëoggendmark bygewoon waar daar op groot hoeveelhede voedsel beslag gelê is. Dit is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig.

Gereelde inspeksies van restaurante, hotelle, losieshuise en ander voedselinrigtings gedurende etensure, terwyl voedsel voorberei en bedien word, is deur die hele jaar uitgevoer. Aandag is veral geskenk aan die hantering en voorbereiding van voedsel, die opwas van gereedskap, messeware en breekware, en die persoonlike netheid van die betrokke personeel.

Oor die algemeen was die voorbereiding, hantering en bewaring van voedsel bevredigend, maar gedurende waaksaamheid is nodig om bevredigende toestande te handhaaf.

'n Totaal van 81 uur is aan spesiale nag-, vroeëoggend- en middagetensuurinspeksies bestee.

Hier volg 'n tabel met besonderhede van dié werk:—

Oortredings in verband waarmee opgetree is.....	53
Kennisgewings bestel.....	1
Aansegginge gegee.....	52
Oortredings weggeruim.....	53

Inspeksies uitgevoer:

Herinspeksies.....	2
Restourante en teekamers.....	212
Hotelle.....	41
Privaathotelle en losieshuise.....	50
Banketbakkers.....	46
Bakkerie.....	61
Slagterye.....	3
Vishandelaars.....	1
Bantoe-eethuise.....	1
Lewensmiddelefabrieke.....	8
	<hr/> 425 <hr/>

Die volgende tabel gee 'n ontleding van die tye van dag toe inspeksies uitgevoer is:—

	Getal	Bevredigend	Nie heeltemal bevredigend nie
Naginspeksies.....	119	116	3
Middagetensuurinspeksies.....	282	237	45
Vroeëoggend-inspeksies.....	24	19	5

Altesaam 129 besendings eetware (behalwe dié waarop by die oggendmark beslag gelê is), is uitgelewer of daar is beslag op gelê en die ondergemelde eetware is as ongeskik vir menslike verbruik afgekeur en vernietig:

Konfyt.....	1,001 lb.
Vleis.....	} 17,962 blikke en bottels
Vis.....	
Vrugte.....	
Groente.....	
Melk.....	
Diverse eetware in bottels en blikke	
Pluimvee.....	1,309 lb.
Vleis.....	1,381 lb.
Vis (vars).....	559 lb.
Kaas.....	4,510 lb.
Graankosse.....	611 lb.
Gedroogde vrugte.....	97 lb.
Suiker.....	166 lb.
Mielie-meel.....	25 lb.

Tee.....	487 lb.
Koffie.....	118 lb.
Groente (bevrore).....	391 lb.
Room.....	15 gelling

VOEDSEL- EN WATERMONSTERS:

Die ondergemelde voedselmonsters is vir skeikundige en bakteriologiese ontleding geneem:

Skeikundige Ontleding:

Aard van artikel	Getal monsters	Getal bevredigend	Getal onbevredigend
Roomys.....	142	118	24
Boerewors.....	73	55	18
Gemaalde vleis.....	92	84	8
Weense worsies.....	42	42	—
Polonie.....	19	19	—
Kaas.....	21	21	—
Varkwors.....	1	1	—
Vrugtedrank.....	30	30	—

Bakteriologiese Ontleding:

Aard van artikel	Getal monsters	Getal bevredigend	Getal onbevredigend
Roomys.....	142	128	14
Vrugtedrank.....	30	30	—

Daar is altesaam 60 waarskuwings uitgereik en vier vervolgings is ingestel in verband met monsters wat nie aan die vereistes van die Wet op Voedsel, Verdowingsmiddels en Ontsmettingsmiddels en ander Regulasies wat op voedsel van toepassing is, voldoen het nie.

MUNISIPALE WATERLEWERING:

	Bevredigend	Onbevredigend	Totaal
1. Rietvleiwatwerke:			
(Na filtrering, maar voor chlorering).....	2	5	7
2. Witkoppiesbrug.....	—	7	7
Hierdie spruit wat in die Rietvleidam vloei, word versigtig dopgehou om teen grootskaalse besoedeling van die dam te waak.			
3. Fonteine:			
(a) Boonste fontein (voor chlorering).....	4	5	9
(b) Onderste fontein (voor chlorering).....	3	5	8
(c) Gemengde water (na chlorering—sluit in water van Fontein, Rietvlei en Grootfontein).....	9	—	9
4. Krane in Stad:			
In verskillende dele van die Stad.....	18	—	18
5. Ander Munisipale leweringsplekke:			
(a) Mamelodi-opbergtenks.....	15	—	15
(b) Munisipale baddens.....	80	—	80
(c) Munisipale plasdammietjies.....	29	—	29
(d) Rooiwal.....	28	7	35
(e) Munisipale klipgroef.....	17	9	26
6. Onlangs ingelyfde gebiede:			
(a) Valhalla (boorgate).....	30	—	30
(b) Erasmia (fontein).....	16	—	16
(c) Murrayfield (opgaartenk).....	6	—	9
7. Randse Waterraad:			
Uit hooftoevoerpylyn.....	9	—	9

In die geval van die munisipale klipgroef te Bon Accord is die onbevredigende monsters uit die boorgat afkomstig waarvan die water by die grofsmidwinkel gebruik word. Alle onlangse monsters wat by Rooiwal geneem is, was bevredigend.

8. Op private persele:

Boorgate.....	15	24	39
Putte.....	6	5	11

Die eienaars van verdagte boorgate en putte is gedwing om waar moontlik by die Stad se voorraad aan te sluit en die ander moes 'n geskikte gesteriliseerde voorraad verskaf.

9. Riooluitvloeiisel wat vir verkoelingsdoeleindes na die

Kragentraledam gepomp is:

(a) Na filtrering en chlorering by rioolwaterwerke.....	—	8	8
(b) Na filtrering en chlorering by Kragentraledam.....	—	8	8

Hierdie riooluitvloeiisel word gefiltreer, gechlloreer en na die Kragentraledam gepomp vir verkoelingsdoeleindes en na die Pretoria-Wes-gholfbaan vir besproeiing. Dit word nie vir kook- of huishoudelike doeleindes gebruik nie.

Skeikundig:

(a) Munisipale swembaddens.....	80	—	80
(b) Munisipale plasdammetjies.....	29	—	29

MUNISIPALE MARK:

Daaglikse inspeksies van al die produkte op die vroeë-oggendmark is uitgevoer en die volgende hoeveelhede eetware is gedurende die jaar afgekeur en vernietig:—

Vrugte en groente:

Kaste.....	5,271	Graansakke.....	162
Kratte.....	2,185	Plastiese sakke.....	274
Sakkies.....	21,525	Suikersakkies.....	2,558
Kartondose.....	423		

Geslagte pluimvee:

Getal ondersoek.....	57
Getal afgekeur.....	Geen

Wildsbokke:

Getal ondersoek.....	826
Getal afgekeur.....	Geen

Wild (voëls):

Getal ondersoek.....	205
Getal afgekeur.....	Geen

Lewende pluimvee:

Getal ondersoek.....	46,834
Getal afgekeur.....	28
	(Siek)

Hier volg 'n weergawe van die werk wat gedurende die jaar geëindig 31 Desember 1965 deur die Voedselseksie gedoen is:

Oortredings waarmee handel is.....	2,125
Oortredings weggeruim.....	2,104
Kennisgewings bestel.....	129
Aansegings gegee.....	1,996
Herinspeksies.....	101
Klagtes waarmee handel is en advies gegee.....	183
Lisensieaansoeke waarmee handel is.....	224
Inspeksie van slaghuise.....	294
Inspeksie van vishandelaarsake.....	143
Inspeksie van bakkerye.....	317
Inspeksie van banketbakkerye.....	55
Inspeksie van restourante en teekamers.....	2,189
Inspeksie van Bantoe-eethuise.....	290
Inspeksie van vrugte- en groentewinkels.....	302
Inspeksie van melkwinkels en melkdepots.....	10
Inspeksie van ander voedselwinkels.....	1,380
Inspeksie van koeldrankfabrieke.....	196
Inspeksie van ander voedselafwerke.....	712
Inspeksie van oggendmark.....	227
Diverse inspeksies.....	875
Naginspeksies.....	119
Vroeëoggend-inspeksies.....	24
Hotelle en losieshuise.....	588
Monsters geneem.....	1,071
TOTAAL.....	9,300

PLAAGBEHEERSEKSIE:

Muskietbeheermaatreëls:

Gewone bestrydingsmaatreëls teen muskiete is gedurende die jaar gehandhaaf. Dié maatreëls het bestaan uit die verwydering van plantgewasse van die walle van spruite, vore en besproeiingsdamme, die dreinerings van moerasagtige gebiede, die herafskuinsing van besproeiingsvore en die opvolg van gate en holtes wat water kan hou. As gevolg van die tekort aan personeel kon die bogenoemde werk nie in die onlangs ingelyfde gebiede wat uitgestrek is, uitgevoer word nie. Bespuiting met antilarwespuiststof is egter in hierdie gebiede uitgevoer. Bespuiting met antilarwespuiststof is van Januarie tot die einde van April onderneem. Dit is vroeg in September hervat en tot 31 Desember 1965 volgehou.

Ongeveer 460 gelling gekonsentreerde insekgif is gebruik. Muskietuitbroeiing is meesal in die ingelyfde gebiede aangetref, want riviere, strome en vore kon nie skoongemaak word van plantgewasse nie, wat dit uiters moeilik gemaak het om alle broeiplekke doeltreffend te bespuit. Uitgebreide antilarwebespuittingsmaatreëls in hierdie gebiede het uitbroeiing egter onder beheer gehou. Driehonderd-en-vyftig holtes, wat werklike of potensiele broeiplekke was, is opgevul en gelykge-
maak en agt-en-sewentig moerasagtige gebiede is gedreineer.

Twaalf kleinhoewes binne die munisipale gebied, wat deur groenteboere bewoon word, asook die perseel van die National Match-fabriek, die spruit wat deur die Universiteitsproefplaas loop en die besproeiingsvore van die Les Marais-waterraad is gereeld bespuit. Die bewoners van die bogenoemde persele het hul volle samewerking verleen en daar was geen onwilligheid aan hulle kant om die bedrag wat vir gelewerde dienste vereis is, te betaal nie.

Klagtes (51) ten opsigte van muskietplae was baie minder as verlede jaar (241). Die meeste klagtes het van bewoners van die ingelyfde gebiede gekom, waar die noodsaaklikheid om spruite en vore skoon te maak 'n dringende saak bly wat gedurende die komende jaar oorweeg sal moet word.

In geen geval was dit nodig om geregtelike stappe teen enige persoon te doen weens versuim om aan mondelinge of skriftelike waarskuwings gehoor te gee nie.

KNAAGDIERBEHEER:

Beheermaatreëls teen knaagdiere is in alle munisipale geboue, vullishope, parke, kwekerie, werkinkels, dorpsgebiede, rioolwaterwerke (sentraal sowel as te Rooiwal), Rietvleiwaterwerke, Bantoegebiede en ander diverse munisipale persele gehandhaaf. Drieduisend-en-tien inspeksies is gedurende die jaar op munisipale persele uitgevoer. Daar was agtduisend-en-sestien gifaasplasinge, waarvan vierduisend agthonderd-en-ses geneem is.

Dit is bekend dat 'n totaal van negehonderd-twee-en-negentig knaagdiere op munisipale persele vernietig is. Baie meer is waarskynlik vernietig, maar hul karkasse is om verskeie redes nie gevind nie. Slegs drie-en-vyftig (53) klagtes is gedurende die jaar ontvang, wat baie minder is as die vorige jaar (681). Al die klagtes is ondersoek en mondelinge of skriftelike kennisgewings wat maatreëls teen knaagdiere eis, is uitgereik. In slegs een geval was dit nodig om geregtelike stappe te doen weens versuim om maatreëls teen knaagdiere uit te voer nadat waarskuwings vooraf gegee is.

Sewe-en-tagtig ophopings van vullis wat werklike of potensiele broeiplekke was, is bevredigend uit die weg geruim.

Vyftig aansoeke om „knaagdiervry“-sertifikate is ten opsigte van persele wat gesloop moes word, ontvang en na ondersoek van die persele, is die vereiste sertifikate uitgereik.

Vlieë-uitbroeiing:

Alle munisipale parke, kwekerie, rioolwerke en komposgate is gereeld geïnspekteer en doeltreffende beheermaatreëls is gehandhaaf.

Kakkerlakke, weeluse en vlooië:

Alle munisipale persele is gereeld vir tekens van weeluse, kakkerlakke, vlooië, ens. geïnspekteer en altesaam 29 munisipale persele is gedurende die jaar doeltreffend behandel.

Bilharzia:

Die ou Pretoriagebied is vry van bilharziadraerslakke bevind. Daar is egter van hulle in die Morelettaspruit wat binne die onlangs ingelyfde gebiede is, aangetref. Geen van die bilharziadraerslakke wat aan die Suid-Afrikaanse Instituut vir Geneeskundige Navorsing gestuur is, was met die bilharziaparasiet besmet nie.

Opnames is ook by Rietvleidam, die Austin Roberts-voëlreservaat en Fonteine gedoen, maar geen bilharziadraende slakke is in hierdie gebiede aangetref nie.

Algemeen:

Klagtes is ook ontvang ten opsigte van miere, silwermotte, tapytkewers, bye, papiermyte, skerpioene, perdebye en vlermuise op private persele. Al die klagtes is ondersoek en raad is gegee met betrekking tot metodes van uitroeiing.

Met die oog op die uitgestrekte gebied waarin plaagbeheermaatreëls sedert inlywing uitgevoer moet word, sal ernstige aandag binnekort daaraan gewy moet word om die personeel te vergroot ten einde die nodige dienste in belang van openbare gesondheid doeltreffend uit te voer.

KNAAGDIERBEHEER

Klagtes waarmee handel is en advies gegee.....	53
Nuwe knaagdiervrye vloere in graan-, meel-, voer- en ander pakkamers aangebring.....	—
Vloere herstel of mure of dakke knaagdierwerend gemaak in meel-, graan- of voerpakkamers.....	—
Nie-knaagdiervrye graan-, voer- of ander pakkamers gesloop.....	—
Ophopings van vuilgoed of hout wat rotte mag huisves, skoongemaak en verwyder....	87
Diverse inspeksies.....	987
Inspeksie van munisipale persele.....	3,010
Vroeëoggend-inspeksies.....	50
Totale inspeksies vir die jaar.....	4,187

Gifaas op dorpsveld gestel.....	8,166
Getal aaslokvalle geneem.....	4,806
Rotgate op dorpsveld, ens. met gas behandel.....	—
Persele in stad met gas behandel.....	—
Getal knaagdiere op munisipale persele vernietig.....	992
Getal diere onder verdagte omstandighede aangetref en ingestuur vir bakteriologiese ondersoek.....	—
Getal vervolgings.....	—

MUSKIETBEHEER

Klagtes waarmee gehandel is en advies gegee.....	51
Nagaan van damme waar onkruid verwyder is.....	915
Nagaan van damme wat bespuit is.....	481
Nagaan van besproeiingsvore wat skoongemaak is.....	961
Nagaan van besproeiingsvore wat bespuit is.....	525
Nagaan van dreinerings van moerasgebiede.....	78
Nagaan van bespuiting van moerasgebiede.....	72
Gate en holtes opgevol.....	350
Diverse inspeksies.....	580
Bespuiting teen insekte.....	29
Vroeëoggend-inspeksies.....	—
Totale inspeksies vir die jaar.....	<u>4,042</u>

SLUMOPRUIMING:

Alhoewel daar 'n aanmerklike toename in die Blanke bevolking van die stad te bespeur was, het die Afdeling daarin geslaag om die voorkoms van ongewenste behuisingstoestande wat normaalweg onder sulke omstandighede verwag kan word, te beheer. Die getal slumwonings en ander ongewenste soorte huisvesting is grootliks verminder, en verskeie erge en geringe slumwonings is gesloop om vir nuwe moderne geboue plek te maak. Boubeperkings wat deur die betrokke Staatsdepartement ingestel is, het ontwikkeling in 'n mate vertraag en was die oorsaak daarvan dat verskeie slumeiendomme van beide 'n erge en 'n geringe aard, nie gesloop is om vir ontwikkeling plek te maak nie.

Die Departement van Gemeenskapsbou het verskeie slumeiendomme in die Riverside- en East Lynngebied bekom en opgeruim en daarna behuisingkemas wat uit verskeie huistipes bestaan, aangepak. Gedurende die jaar het die Raad met sy eie program voortgegaan om die verskillende groepe mense te help en so die ernstige tekort aan behuising te verlig. Ten spyte van hierdie skemas en dié van private ondernemings en individue het die tekort aan behuising ernstig gebly, veral vir die laerinkomstegroepe.

'n Uitgebreide opname van die behuisingtoestand in die onlangs ingelyfde gebiede van Pretoria-Noord en Wolmer is gedurende die jaar met betrekking tot slumwonings gemaak. Die opname het 'n totaal van 80 erge slums, 136 geringe slums en 51 bewoonde buitegeboue getoon, en hierdie aangeleenthede sal paslike aandag ontvang met die oog op die opruiming van die slumtoestande. Die getal bekende slumwonings het teen die einde van die jaar op 182 te staan gekom.

Gedurende die jaar is 48 eiendomme binne die munisipale gebied die Raad aangebied om grond vir voorgestelde padbou- en ander skemas wat die Raad van voorneme is om te ontwikkel, beskikbaar te stel. Hierdie eiendomme is almal deur die Slumseksie geïnspekteer en verslae oor die strukturele toestand is aan die Klerk van die Raad voorgelê. Alle erge slumeiendomme wat so bekom is, word gesloop sodra die geboue ontruim word.

Weens die behuisingstekort wat hoofsaaklik die armer gesinne geraak het, was daar 'n toename in die aantal bewoonde buitegeboue en ongewenste huisvesting in agterplase en dit word betreur dat ons nog steeds nie by magte is om al sulke gesinne te help nie.

Aan die begin van die jaar was dit bekend dat daar 53 bewoonde buitegeboue was. Gedurende die jaar is 36 ontruim en teen die einde van die jaar het die getal tot 110 toegeneem.

Daar word beklemtoon dat hierdie toenames byna uitsluitlik daaraan toe te skryf is dat hierdie persele gedurende ondersoeke in die gebiede wat gedurende die vorige jaar ingelyf is, onder die Afdeling se aandag gekom het.

'n Groot aantal kennisgewings is aan eienaars en bewoners bestel weens oortredings van die Slumswet en Munisipale Slumsregulasies. Daar is geredelik aan die meeste van die kennisgewings gehoor gegee en daar is slegs in uitsonderlike gevalle van drastiese maatreëls gebruik gemaak. 'n Aantal van die bestaande erge slumwonings word deur hul eienaars bewoon en baie min eienaars is finansiële in 'n posisie om hulle geboue te verbeter of om nuwe huise te bou.

VERSPREIDING VAN ERNSTIGE SLUMSWONINGS EN BEWOONDE BUITEGEBOE IN BLANKEGEBIEDE

Die onderstaande tabel toon die verspreiding van bekende groter slumwonings en onbevredigende buitegeboue teen die einde van die verslagjaar. (Syfers vir die vorige jaar tussen hakies.)

Gebiede	Bekende bestaande slumwonings teen 31.12.65		Bekende bewoonde buitegeboue teen 31.12.65		Toename of afname in ver- gelyking met vorige jaar	
					Slumwonings	Buitegeboue
Innesdalegebied.....	7	(10)	19	(8)	— 3	+11
Westelike gebiede (wes van Steenovenspruit).....	6	(6)	10	(8)	0	+ 2
Oostelike gebiede (oos van Apies- rivier).....	3	(9)	—	(3)	— 6	— 3
Sentrale gebiede.....	23	(20)	5	(3)	+ 3	+ 2
Herculesgebied.....	29	(20)	31	(22)	+ 9	+ 9
Onlangs ingelyfde gebiede:						
Silverton.....	13	(1)	—	(—)	+12	0
Pretoria-Noord.....	36	(7)	26	(8)	+29	+18
Wolmer.....	58	(—)	17	(—)	+58	+17
East Lynn/Riverside.....	7	(—)	2	(1)	+ 7	+ 1
TOTAAL.....	182	(73)	110	(53)		

Daar moet egter geboekstaaf word dat behoorlike opnames van die onlangs ingelyfde gebiede slegs in die dorpsgebiede Pretoria-Noord/Wolmer en Silverton gemaak is en dat opnames na verwagting binne die afsienbare toekoms in die ander gebiede gemaak sal word.

SLUMOPRUIMING IN NIEBLANKEGEBIEDE:

Daar is gedurende die jaar heelwat vordering gemaak met die opruiming van slumwonings en ander onbevredigende soorte huisvesting in alle Nieblankewoongebiede wat ingevolge die Wet op Groepsgebiede tot BLANKEGEBIEDE geproklameer is. Al die persele wat deur die Raad in hierdie gebiede bekom is, is gesloop sodra die bewoners van ander huise voorsien is en hopelik sal hierdie onhigiëniese gebiede binnekort opgeruim wees.

Al die nuwe dorpsgebiede vir Nieblankes ontwikkel tot moderne woongebiede en word goed beheer.

HOFGEDINGE:

In ooreenstemming met die algemene beleid van die Afdeling het ons voortgegaan om die samewerking van die publiek te verkry liewer as om hofgedinge in te stel. Daar is geen slumhofgedinge kragtens die Slumswet ingestel nie. Dit was egter nodig om in die volgende gevalle 'n hofgeding kragtens die munisipale Slumsregulasies in te stel.

Aard van oortreding	Getal aanklagte
Toelaat dat perseel oorbewoon word.....	3 (1 uitgestel)
Versuim om perseel struktureel in stand te hou.....	1
TOTAAL.....	4

SLOPINGS EN OMSKAKELINGS VAN WOONPERSELE:

Daar is met 'n groot aantal aansoeke om toestemming om wonings te sloop of woonpersele vir besigheidsgebruik om te skakel, ingevolge die Behuisingswet no. 10 van 1957 gehandel.

Die volgende syfers toon die getal aansoeke aan:

Vir die bou van woonstelle, kantore, besigheidsperselle of huise	203
Uitbreidings aan skole, hostels, kerke, ens.....	14
A.g.v. optrede deur hierdie Afdeling.....	145
Omskakeling na besigheidspersel.....	20
	382

Twaalf besigheidsperselle is gedurende die jaar gesloop. Alhoewel slopingspermitte nie vir hierdie geboue vereis word nie, het hierdie Afdeling aangedring op sertifikate ten effekte dat dié geboue knaagdier- en ongediertevry is voor sloping begin is. Soortgelyke sertifikate is ten opsigte van alle ander slopings en omskakelings uitgereik.

Besonderhede in verband met slopings en omskakelings word in die volgende tabelle verstrek:

Aansoeke wat na die Departement van Gemeenskapsbou verwys is:

	Getal woon- nings (5 of minder woon- kamers elk)	Getal woon- kamers betrokke	Permitte goedgekeur	Permitte geweer	Permitte hangende
Slopings.....	339	1,130	332	—	7
Veranderings.....	19	72	12	—	7
TOTAAL.....	358	1,202	344	—	14

Aansoeke vir oorweging deur die Stadsraad:

	Getal wo- nings (meer as 5 woon- vertrekke)	Getal woon- kamers betrokke	Permitte goedgekeur	Permitte geweier	Permitte hangende
Slopings.....	24	257	18	—	6
Veranderings.....	—	—	—	—	—
TOTAAL.....	24	257	18	—	6

Die syfers wat hierbo aangegee word, het slegs betrekking op aansoeke wat ten opsigte van Blankegebiede en die Asiatebuurt ontvang is.

Eiendomme wat deur die Raad verkry word in die bestaande Nieblankegebiede wat tot Blankegebiede geproklameer is, word gesloop ingevolge die bepalings van die Wet op die Ontwikkeling van Groepsgebiede no. 69 van 1955, soos gewysig, en kragtens magtiging wat deur die Minister van Binnelandse Sake verleen is.

STATISTIEK OOR SLUMVOORKOMING EN OPRUIMINGSWERK:

Die volgende is besonderhede van slumopruimingswerk wat gedurende die verslagjaar onderneem is:

Soort inspeksie	Getal persele
Hotelle en losieshuise.....	21
Private woonhuise.....	1,740
Buitegeboue.....	412
Persele wat voor en na toestaan van slopingspermitte geïnspekteer is.....	523
Persele wat voor en na toestaan van omskakelingspermitte ge- ïnspekteer is.....	33
Wonings in gebiedsopnames.....	2,746
Klagtes ondersoek.....	393
Herinspeksie van persele.....	1,676
Crèches en Kleuterskole.....	366
Ouetehuise.....	44
Diverse inspeksies.....	265
Inspeksies na ure.....	2
TOTAAL.....	8,221

Besonderhede van optrede na bogemelde inspeksies en ondersoeke gedoen is:—

Kennisgewings bestel:

Verbod op okkupasie.....	155
Oorbewoning.....	175
Strukturele herstelwerk en opknappings.....	104
Bad-, was- en kookgeriewe.....	106
TOTAAL.....	540

Mondelinge waarskuwings en advies gegee.....	2,420
Briewe gerig (aanmanings, verlengings, besonderhede van werk verlang, ens.).....	278
Aangeleenthede na ander Afdelings verwys.....	49
Onderhoude met lede van die publiek.....	2,116
TOTAAL.....	4,863

Totale getal oortredings waarmee gehandel is.....	2,960
Totale getal kennisgewings en aanseggings waaraan voldoen is....	2,507

KLEUTERSKOLE, CRÈCHES EN OUETEHUISE:

Kleuterskole en Crèches:

Gereelde inspeksies van kleuterskole en crèches is in die Pretoriase gebied gedoen. Alhoewel sekere persele nog nie heeltemal aan die vereistes vir inrigtings van hierdie aard voldoen nie, was daar 'n groot verbetering ten opsigte van die verskaffing van die vereiste geriewe.

'n Baie verblydende teken was die samewerking wat van persone ontvang is wat hierdie inrigtings bestuur, om die bestaande standarde te verhoog.

Daar bestaan 'n groot aanvraag vir beide kleuterskole en crèches, veral dié wat dienste vir babas verskaf, en daar word verwag dat baie meer crèches in die nabye toekoms geopen sal word.

Die aangehegte tabel gee 'n beeld van die huidige posisie:

	Totaal	Bevredigend	Uitstaande vereistes	Nog nie oop nie	Gesluit
Kleuterskole	23	12	11	—	—
Crèches (slegs babas).....	3	—	2	—	1
Crèches (babas en 2 tot 6 jaar-ouderdomsgroep).....	5	2	2	1	—
Crèches (2-6 jaar-ouderdomsgroep alleenlik).....	7	2	3	1	1
Crèches (2-6 jaar-ouderdomsgroep en skoolgaande kinders).....	2	1	1	—	—
Na-skoolse sentrums.....	4	1	3	—	—
	44	18	22	2	2

Besonderhede van Nieblankecrèches of ongemagtigde crèches wat tydelik geopen is, maar moes sluit as gevolg van optrede deur hierdie Afdeling is nie by die voorgaande tabel ingesluit nie.

Ses Bantoe-crèches wat deur die Raad bestuur word, is by hierdie Afdeling geregistreer. Die geboue voldoen aan ons vereistes en die crèches word op 'n bevredigende wyse bestuur.

Daar is een private crèche in Lady Selborne. Die perseel is nie in ooreenstemming met die standarde wat bepaal is nie, maar hierdie crèche sal binnekort sluit en intussen voorsien dit in 'n dringende behoefte.

OUETEHUISE:

Die ontoereikendheid van huisvesting vir oues van dae bly 'n ernstige probleem wat dit nodig maak om 'n meer tegemoetkomende houding in te neem as wat andersins die geval sou gewees het, met betrekking tot persele wat nie heeltemal vir gebruik as ouetehuse geskik is nie, soos byvoorbeeld omgeskakelde wonings wat vir dié doel aangewend is. Pogings word egter aangewend om te verseker dat 'n redelike standaard gehandhaaf word en dat persele sover moontlik aan die gesondheidsvereistes voldoen.

Persele geokkupeer deur organisasies wat versorging in inrigtings vir oues van dae verskaf, is in die meeste gevalle vir dié doel gebou en voldoen oor die algemeen aan die vereiste standarde.

Alle bouplanne van voorgestelde ouetehuse word deur hierdie Afdeling nagegaan in 'n poging om te verseker dat toekomstige inrigtings van dié aard in ooreenstemming met ons vereistes gebou word.

NIEBLANKEGEBIEDE:

Personeel:

Die personeel van hierdie Seksie bestaan uit:

- 1 Streeks-gesondheidsinspekteur.
- 2 Gesondheidsinspekteurs.
- 3 Nieblanke Gesondheidsinspekteurs.

(Daar bestaan vier vakatures vir Nieblanke Gesondheidsinspekteurs).

Dit sal binnekort nodig wees om 'n Indiër-gesondheidsinspekteur aan te stel, indien beskikbaar, om gesondheidswerk in Laudium-Indiërdorp en die Asiëtebuurt te doen waar omvattende gesondheidswerk noodsaaklik is.

Een Bantoe-gesondheidsinspekteur werk in Mamelodi en die ander in Atteridgeville/Saulsville. Hulle het kantoorakkommodasie in die administrasiegeboue van die Hoofsuperintendente. Die twee Blanke Gesondheidsinspekteurs is belas met die Oostelike en Westelike Bantoe-dorpe onderskeidelik. Al hierdie beamptes is onder direkte beheer van die Streeks-gesondheidsinspekteur, wat oor die werk in al die Nieblankewoonbuurte binne die munisipale gebied toesig hou.

BANTOEDORPE:

1. Lady Selborne en Claremont (Erwe 1—36):

Hierdie aangrensende, geheel onbevredigende dorpsgebiede, is tot 'n Blankegebied verklaar en die inwoners word teen 'n vinnige tempo na gevestigde Bantoe-dorpe verskuif. Daar word geskat dat die inwoners teen die einde van 1966 verskuif en hervestig sal wees.

Gereelde inspeksies van al die besigheidpersele is gedurende die jaar uitgevoer en stappe is gedoen waar gesondheidsmisstande bestaan het.

2. Atteridgeville/Saulsville:

Drie nuwe huise is gedurende die jaar op kerkpersele opgerig. Daar is nog 238 leë boupersele waarvan 149 vir die hoërinkomstegroep, wat in staat is om duurder huise te bou, bestem is.

Al die hoofpaaie is geteer en die hele gebied is gerioleer. Reënwaterriole is verskaf en die Raad reël 'n vuilgoedverwyderingsdiens tweemaal per week.

Uitstekende samewerking is deur die lisensiehouers van besighede en die oorblywende inwoners gelewer. Dit was dus nie nodig om geregtelike stappe te doen weens oortredings van gesondheidswetgewing nie.

Getal huise 1964.....	9,801
Getal huise 1965.....	9,804
Toename in behuising.....	3

3. Laudium:

Hierdie Indiërdorp wat op die suidwestelike grenslyn van Pretoria geleë is, ontwikkel vinnig en die 300 huise wat deur die Raad opgerig is, word almal bewoon. Daarbenewens is 30 nuwe huise van 'n hoë standaard deur private eienaars opgerig. Die hele gebied is gerioleer en al die strate is geteer. 'n Nuwe pottebakkerij het 'n produk van 'n baie hoë gehalte begin lewer. Daarbenewens is 'n nuwe motorhawe met werkwinkels en volle diensgeriewe opgerig. Die twee klerefabrieke is in volle produksie en verskaf werk aan 'n groot aantal inwoners.

Weens die uitstekende samewerking van die inwoners en die besighede is slegs 'n paar kennisgewings gedurende die jaar bestel. Dit was nie nodig om weens oortredings van gesondheidswetgewing te vervolg nie.

Getal huise 1964.....	466
Getal huise 1965.....	566
Toename in behuising.....	100

4. Asiatebuurt en Kleurlinglokasie:

Hierdie aangrensende Nieblankedorpsgebiede is naby die middestad geleë en word deur Indiërs en Kleurlinge onderskeidelik bewoon. Beide is baie oorbevolk en die huise en kamers is in 'n swak toestand, oorbewoon en sonder voldoende sanitêre en wasgeriewe. Alhoewel 'n groot getal gesinne reeds in die Indiër- en Kleurlinggebiede hervestig is, sal dit beter wees as hierdie twee slumgebiede so gou moontlik opgeruim word.

5. Eersterust:

Hierdie dorpsgebied vir Kleurlinge is naby die Bantoedorp Mamelodi geleë. 'n Groot gedeelte van die dorpsgebied is gerioleer en voorsien van 'n watervoorraadnetwerk.

Boubedryghede het gevorder. Vyftig (50) ekonomiese en tweehonderd-en-dertig (230) subekonomiese huise is gedurende die jaar opgerig. Die 153 ou en vervalle huise in die dorpsgebied is gedurende die jaar gesloop. Die ou onbevredigende besigheidspersele sal gesloop word sodra hulle vervang kan word.

Getal huise 1964.....	200
Getal huise 1965.....	480
Toename in behuising.....	280

6. Mamelodi:

Hierdie Bantoedorp ontwikkel teen 'n geweldig hoë tempo en 2,408 nuwe huise is gedurende die jaar voltooi. Hierdie nuwe huise is vir die hervestiging van vorige inwoners van Lady Selborne en Eastwood gebruik. Die sanitêre en vuilgoedverwyderingsdienste word deur die Afdeling vir Nieblankesake uitgevoer. Die gebied sal in die nabye toekoms gerioleer word en daar is reeds met die lê van rioler begin. Die rioolwaterwerke is voltooi. Die besigheidsentrums is doeltreffend versprei en hulle voorsien in al die behoeftes van die inwoners.

Dit was gedurende die jaar nodig om sommige lisensiehouers en inwoners weens oortreding van gesondheidswetgewing te vervolg.

Die winkels is onderworpe aan gereelde inspeksies, en huis-tot-huis-inspeksies word daagliks deur die Nieblanke Inspekteur gedoen.

Getal huise 1964.....	9,839
Getal huise 1965.....	12,247
Toename in behuising.....	2,408

7. Eastwood:

Hierdie dorpsgebied is tot 'n Blankegebied verklaar en die inwoners is byna deurgaans Bantoes. Hulle word in die Raad se Bantoedorpe hervestig en daar word geskat dat hierdie slumgebied teen die einde van 1966 opgeruim sal wees.

8. Highlands en Newlands:

Die inwoners van hierdie gebiede, wat tot Blankegebiede verklaar is, is meestal Kleurlinge en 'n paar Indiërs en Bantoes. Die oorblywende inwoners sal gedurende 1966 in die Raad se Nieblankedorpsgebiede hervestig word en die slums sal opgeruim word.

STATISTIESE OPGAWE VIR ALLE NIEBLANKEGEBIEDE.

A. OPSOMMING VAN INSPEKSIES IN DIE NIEBLANKEGEBIEDE GEDURENDE DIE JAAR:

Oorlaste waarmee gehandel is.....	10,136
Kennisgewings waaraan voldoen is.....	875
Aansegings waaraan voldoen is.....	8,740
Kennisgewings bestel.....	1,396
Aansegings gegee.....	8,740
Herinspeksies.....	5,524
Klagtes ondersoek.....	54
Lisensieaansoeke.....	651
Persele waar diere/pluimvee aangehou word.....	495
Slaghuisse.....	2,316
Vis- en pluimveehandelaars.....	124
Bakkers en banketbakkers.....	—
Algemene handelaars (eetware).....	2,358
Algemene handelaars (nie eetware nie).....	875
Restourante, teekamers en eethuise.....	2,569
Varsproduktehandelaars.....	422
Melkdepots en melkwinkels.....	137
Marskramerpakkamers.....	513
Varsprodukte- en roomyskarretjies.....	348
Afleweringvoertuie (vleis, melk, vis, brood).....	869
Bioskope en openbare sale.....	48
Huisinspeksies.....	1,601
Haarkappers.....	339
Washuise en wasserye.....	21
Fabrieke en werkwinkels.....	107
Seremoniële slagtings.....	5
Bewoonde buitegeboue.....	4
Besoeke buite ure (vroeeoggend-inspeksies).....	123
Ander inspeksies.....	609
Bouerslatrines.....	315
Sake wat na ander Afdelings verwys is.....	—
Verstoppte rirole/defektiewe wateraansluitings.....	62
Ongemagtigde geboue.....	82
Strukturele gebreke aan geboue.....	18
Ander sake.....	331
TOTAAL.....	20,920

Opmerking:

Hierdie syfers is nie by verslae i.v.m. Blankegebiede ingesluit nie.

B. PLAAGBEHEER:

Die onderstaande is 'n opsomming van die werk wat in verband met plaagbeheer in die Nieblankegebiede gedoen is:—

Knaagdiere:

1. Klagtes ondersoek.....	26
2. Persele geïnspekteer en advies gegee.....	1,115
3. Kennisgewings en aansegings om lokvalle of gif te gebruik....	715
4. Kennisgewings bestel waarin vereis word dat persele knaagdierveilig gemaak word.....	243
5. Kennisgewings bestel ingevolge 3 en 4 hierbo waaraan voldoen is.....	145
6. Bestaande geboue knaagdierv veilig gemaak.....	19
7. Vervolgings weens versuim om regulasies na te kom.....	1
8. Ophoping van rommel of hout wat moontlik knaagdiere kan huisves, skoongemaak of verwyder.....	309
9. Getal knaagdiere gedood of as dood gerapporteer.....	1,655
10. Sake na Plaagbeheer verwys.....	3
11. Sake in verband met knaagdierbeheer na ander Afdelings verwys.....	3

Muskiete:

1. Klagtes ondersoek.....	11
2. Inspeksies gedoen.....	67
3. Kennisgewings bestel en aansegings gegee.....	76
4. Broeiplekke uitgeskakel.....	37
5. Advies in verband met muskietbeheer gegee.....	69
6. Soorte muskiete gevind.....	Culex

Vlieë:

1. Klagtes ondersoek.....	12
2. Inspeksies gedoen.....	434
3. Aanseggings gegee.....	253
4. Kennisgewings onder (3) hierbo bestel, waaraan voldoen is.....	9
5. Vervolgings weens versuim om regulasies na te kom.....	1
6. Broeiplekke uitgeskakel.....	140
7. Advies in verband met vlieëbeheer gegee.....	180

ALGEMENE INLIGTING: NUWE DORPSGEBIEDE ALLEENLIK:

	Atteridgeville	Mamelodi	Laudium	Eersterust
Bevolking: 1.	59,799	78,554	3,360	2,400
2. Hostel.....	6,638	2,540	—	—
Woonhuise:				
(a) Bewoon.....	9,802	12,247	560	480
(b) Vakant.....	—	—	—	—
(c) In aanbou.....	—	200	—	—
Kerke.....	30	35	—	1
Skole.....	20	19	2	2
Biersale.....	3	2	—	—
Biersaaldepots.....	3	2	—	—
Drankwinkels (drank).....	1	2	—	—
Motorhawens.....	1	1	1	1
Crèches.....	4	4	—	—
Hostels.....	1	1	—	—
Administratiewe blokke.....	1	1	1	1
Ouetehuisse.....	1	1	—	—
Bioskope.....	1	1	—	—
Gemeenskapsentrums/Sale.....	3	1	1	1

C. BOUPLANNE:

Vierhonderd drie-en-tagtig planne vir veranderings, aanbouings en nuwe geboue in die Nie-blankegebiede is gedurende die jaar ondersoek.

D. GELISENSIEERDE PERSELE:

	Mamelodi	Asiatebuurt	Eersterust	Lady Selborne	Claremont	Atteridgeville	Laudium
Bakkers en banketbakkers.....	—	1	—	—	—	—	—
Biljartsalonne.....	—	2	—	—	—	—	—
Slagters.....	—	8	3	15	4	10	1
Steenkoolagentskappe.....	6	—	—	—	—	7	—
Skoenmakers.....	3	10	—	4	3	2	—
Fietshandelaars.....	3	16	1	3	2	3	—
Varsproduktehandelaars.....	4	5	1	7	8	4	—
Vishandelaars.....	—	2	—	—	—	—	—
Algemene handelaars (lewensmiddele uitgesluit).....	13	52	—	—	1	1	—
Haarkappers.....	3	8	—	3	1	2	—
Marskramers, venters.....	—	124	2	25	6	5	15
Droogskoonmakers en wasserye.....	—	7	—	—	—	1	—
Melkdepots.....	7	2	—	2	—	5	1
Koeldrankhandelaars.....	—	10	—	—	—	—	—
Bantoe-eethuise.....	6	2	3	23	—	1	—
Lewensmiddelehandelaars.....	15	62	5	41	10	21	1
Teaters.....	1	3	—	—	—	1	—
Kleremakers/sters.....	2	5	—	—	—	3	—
Begrafnisondernemers.....	2	—	—	1	—	1	—
Werkwinkels/Handelaars in motoronderdele.....	3	6	1	—	—	1	—
Restourante en teekamers.....	8	38	5	2	10	14	—
Kruiedokters.....	3	1	—	—	—	—	—
Handelaars in tweedehandse goedere.....	—	1	—	—	—	—	—
Roomysdepots.....	—	—	—	—	—	1	—
Fabrieke.....	—	—	—	—	—	—	3

VERVOLGINGS:

	Totale getal vervol- gings	Getal skuldig bevind	Getal onskuldig bevind	Getal terug- getrek	Getal gewaarsku en ontslaan	Boetes opgelé
Aard van oortreding						
Vlieguitbroeiing op perseel..	1	1	—	—	1	—
Versuim om aan kennisge- wing te voldoen.....	20	18	—	2	12	R37.00
Vuil toestand van perseel...	1	1	—	—	—	R10.00
Voedsel aan besmetting blootgestel.....	1	1	—	—	—	R10.00

BYDRAE DEUR DIE BESTUURDER, AFDELING NIEBLANKESAKE:

NIEBLANKEBEHUISING

1. Atteridgeville:

475 Morg groot en word as een van die beste Bantoelokasies in die Republiek beskou. Atteridgeville is in 1939 gestig; R819,724 is aan die oprigting van 1,532 wonings en R494,178 aan die ontwikkeling van die gebied en dienste bestee.

Daar is twee-, drie-, vier-, en vyfvertrekhuise wat onder die nuwe beleid op 'n ekonomiese grondslag of aan die bewoners verkoop of verhuur is.

Afgesien van sulke dienste soos waterriolering en vuilgoedverwydering, is daar 'n uitstekende kliniek onder toesig van gekwalifiseerde geneeshere en opgeleide verpleegsters.

Die inwoners het uitstekende sportgeriewe en daar word vir die meeste sportsoorte voor-
siening gemaak.

2. Lady Selborne:

Dit is 'n Bantoedorp met eiendomsreg wat die Raad by die gewese Herculesmunisipaliteit ingelyf het. Die gebied is oorspronklik in 1903 of in 1905 aangelê en het uit 1738 erwe bestaan. As gevolg van die ontwikkeling en uitbreiding van Pretoria is hierdie erwe in so 'n mate onderverdeel dat daar nou 1,748 erwe is en die huidige bevolkingsyfer is ongeveer 23,650.

Alle eiendomme is deur die Raad onteien en 1,303 erwe is reeds op naam van die Stadsraad geregistreer. Meer as 4,500 gesinne is na die Atteridgeville- en Mamelodi-dorpsgebiede en na die Bantoetuislande verskuif. Daar word voorsien dat alle inwoners in die nabye toekoms hervestig sal wees.

Daar is 'n ontspanningsaal, kliniek en crèche in die gebied, benewens 'n kraaminrigting wat deur die Rooms-Katolieke Kerk beheer word.

NUWE SKEMAS:

3. Mamelodi:

Daar is tot datum 12,227 viervertrekhuise in die Mamelodi-Oos- (Vlakfontein) en -Wesgebiede voltooi.

Daarbenewens is die volgende geboue opgerig: 18 skole, 83 winkels, gemeenskapsentrum, biersaal, bioskoop, poskantoor, administratiewe blok, 4 crèches, kliniek, dokterssprekkamers, skrynwerkerswinkel, 'n kraaminrigting en 'n polisieostasie.

'n Sportterrein is aangelê en 'n pawiljoen is opgerig.

Die gebied ontwikkel gestadig, en voorrang word aan die voorsiening van elektrisiteit, riole-
ring, padbou, en stormwaterdreinerings verleen.

Bevolkingsyfer 78,841.

4. Atteridgeville/Saulsville:

Agtduisend tweehonderd vier-en-veertig viervertrekhuise is tot datum in die Atteridgeville/Saulsvillegebied voltooi.

Benewens 'n biblioteek, polisieostasie, poskantoor, administratiewe blok, 4 crèches, 'n ontspanningsaal, 'n bioskoop, 'n kliniek, 'n begrafnisondernemingszaak en 'n moderne droogskoon-
makery is daar 20 skole en 80 winkels.

Die gebied ontwikkel volgens plan met die klem op rioolnetwerke, elektrisiteits- en water-
dienste, padbou en stormwaterdreinerings.

5. Enkelkwartiere (Hostel):

(a) Saulsville:

339 Hosteleenhede vir die huisvesting van 6,400 persone is gebou en elektrisiteit is voorsien. Die gebied is gerioleer. Elke eenheid het gemeenskaplike warmwaterstortbaddens en 'n kombuis met elektriese warmplate vir kookgeriewe. Die maandelikse huur is R2.00. Ongeveer 6,400 enkelopende Bantoes word tans gehuisves.

(b) Mamelodi:

Hosteleenhede vir die huisvesting van 4,832 persone is voltooi. Soortgelyke geriewe as in die Saulsvillehostel word voorsien.

6. Algemeen:

Die geëlektrifiseerde spoorwegdiens na die Atteridgeville/Saulsville- en Mamelodigebiede verloop bevredigend.

7. Laudium:

Laudium is die nuwe gebied vir Asiate. Vyfhonderd huise is deur die Raad, en 71 deur private eienaars gebou. Alle noodsaaklike dienste word verskaf.

Daarbenewens is administrasiekantore, 'n kliniek, 'n poskantoor en 4 winkels opgerig.

8. Kleurlinggebied:

Ingevolge die Wet op Groepsgebiede is 'n gedeelte van die plaas Derdepoort 469 en 'n gedeelte van die bestaande dorpsgebiede, Eersterust en Despatch, wat 800 morg beslaan tot 'n gebied vir bewoning deur lede van die Kleurlinggroep geproklameer.

Tweehonderd-en-vyftig ekonomiese en 230 subekonomiese huise is deur die Raad opgerig en 4 is deur private eienaars opgerig en alle noodsaaklike dienste word verskaf.

'n Gemeenskapsaal is voorsien en 'n begraafplaas is aangelê.

Administrasiekantore en 'n kliniek is voltooi en 'n winkelgebou en 'n verdere 294 subekonomiese huise is in aanbou.

BEHUISING EN REHABILITASIE VAN BLANKES

1. ALGEMENE BEHUISINGTOESTAND:

Teen die einde van 1965 het die Stadsraad van Pretoria die volgende behuisingkemas besit:

A. Danville:

Skema	Getal huise	Maandelikse huurgeld-paaiement
(a) Subekonomies.....	200	R1.60—R19.45
(b) Ultra-laekoste-ekonomies.....	200	R29.85—R31.27
(c) Omgeskakelde ekonomies.....	300	R20.00—R22.00
(d) Laekoste-ekonomies.....	100	R19.00—R35.00
(e) Ekonomies.....	100	R21.64—R40.94
(f) Ekonomies (dubbelverdiepings).....	50	R37.15—R39.40
(g) Ouethuise.....	57	R11.85 (naastenby)

LET WEL: Nege-en-twintig gesinne is van die woonstelle vir bejaardes by die tentoonstellingsterrein na die nuwe huise onder skema (g) oorgeplaas.

B. Proclamation Hill:

(a) Subekonomies.....	96	R4.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	103	R20.00—R22.00

C. Hercules:

(a) Subekonomies.....	57	R2.40—R5.67
(b) Ekonomies.....	57	R25.00—R32.00
(c) Ouethuise (subekonomies).....	12	R3.00
(d) Nasionale Behuisingkema.....	4	±R30.00

D. Buiteliggende Woongebiede:

(i) Nieu-Muckleneuk:		
(a) Subekonomies.....	23	R3.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	23	R20.00—R22.00
(ii) Villieria:		
(a) Subekonomies.....	4	R5.45—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	6	R20.00—R22.00
(iii) Rietfontein:		
(a) Subekonomies.....	11	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	9	R20.00—R22.00
(vi) Wonderboomsuid:		
(a) Subekonomies.....	11	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	16	R20.00—R22.00
(v) Mayville:		
(a) Subekonomies.....	3	R4.85—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	5	R20.00—R22.00
(vi) Pretoria-Wes:		
(a) Subekonomies.....	11	R3.50—R5.95
(b) Omgeskakelde ekonomies.....	3	R20.00—R22.00

Die genoemde omgeskakelde skemas was oorspronklik subekonomiese skemas wat in die loop van tyd na ekonomiese skemas omgeskakel en verkoop is.

(vii) Hercules- en Mootgebied:		
Ekonomies (voorheen Herculeskemas).....	97	R13.00—R22.00
(viii) Gebiede Nieu-Muckleneuk en Capital Park:		
Ekonomies.....	50	±R47.00
(ix) Gebiede Danville en Pretoria-Wes (woonstelle):		
(a) Danville-woonstelle.....	18	R16.00—R17.00
(dié is almal tweekamerwoonstelle)		
(b) Pretoria-Wesgebied.....	30	R28.00—R37.00
(Groenveldwoonstelle)		

E. Tentoonstellingsterrein:

Subekonomies.....	66	R2.10—R16.45
-------------------	----	--------------

- LET WEL: 1. Daar was oorspronklik 99 ekonomiese huise wat met ingang van 1 Julie 1964 na subekonomiese huise omgeskakel is. In die loop van 1965 is 33 huise ontruim en vir sloping oorhandig. Die res sal na gelang en wanneer hulle ontruim word, gesloop word.
2. Al die huurders van die woonstelle vir bejaardes is na Danville oorgeplaas en die woonstelle sal gesloop word.

F. Sentraal, Goedeheop en ander voorstede:

As gevolg van die beplanning van nuwe snelweë en ander padbouwerke was die Raad verplig om verskeie eiendomme vir hierdie doel aan te koop. 'n Groot aantal eiendomme is reeds hiervoor aangekoop.

In sommige gevalle waar die wonings nie ekonomies herstel kan word nie, word hulle gesloop.

Benewens die padbouprogram word algehele herbeplanning van die Goedeheopgebied ook in die vooruitsig gestel.

In die bogemelde gebiede verhuur die Raad tans die volgende eiendomme wat ook uiteindelik gesloop sal word:—

(a) Sentraal en ander voorstede.....	203	R28.00—R44.00
(b) Goedeheop.....	81	R12.00—R40.00
(c) Woonstelle—sentrale gebied.....	122	R12.00—R43.00
(Ses blokke woonstelle bestaan uit 76 woonstelle, 78 enkel- en dubbelkamers)		
Maandelikse huurgeld vir enkel- en dubbelkamers..		R8.00—R19.00

G. Riverside en Despatch:

Na aanleiding van die herbeplanning ingevolge die bepalings van die Wet op Groepsgebiede, het die Raad 'n groot aantal eiendomme aangekoop en op die oomblik word die volgende getal eenhede verhuur:

(a) Riverside.....	6	R10.00—R13.00
(b) Despatch.....	7	R14.00—R18.00

H. Silverton:

(i) Ekonomiese huise: 502.

Hierdie huise is almal deur individuele eienaars onder individuele Behuisingsleningskemas opgerig.

Die maandelikse paaielemente wissel van R15.00 tot R27.00, na gelang van die grootte van die huis en die bedrag wat ingevolge die leningskema vereis word.

(ii) Diverse eiendomme: 8.

Hierdie huise is vir sekere munisipale skemas aangekoop en word tans verhuur teen huurgelde wat van R5.00 tot R35.00 per maand wissel.

(iii) Woonstelle:

Een blok van 57 woonstelle, bekend as die „J. J. Bosmanhuis” bestaande uit twee- en driekamerwoonstelle tesame met 18 garages, wat teen 'n huurgeld van R23.00 tot R34.00 per maand en R2.00 per maand vir die garages verhuur word.

I. Pretoria-Noord:

Ekonomiese huise: 226.

Soos in die geval van Silverton is hierdie huise ook opgerig ingevolge die individuele Behuisingsleningskema en die maandelikse paaielemente wissel van R17.00 tot R27.00.

2. AANSOEKE ONTVANG OM BEHUISING:

Gedurende die loop van die jaar is 1,347 aansoeke om behuising ontvang. (Dit is 90 meer as in die loop van die jaar geëindig 31 Desember 1964.) 'n Groot aantal aanvraers is gehuisves terwyl dié wat nie onmiddellik gehuisves kon word nie, na ander huise getrek het.

Waglyste vir goedgekeurde huurders of kopers kragtens die verskillende skemas word gehou en sodra 'n huis beskikbaar is, word dit aan die persoon wie se naam volgende op die lys verskyn, aangebied.

3. BEHUISINGSKEMAS IN AANBOU:

Danville—subekonomies:

Hierdie skema bestaan uit 93 huise en 60 daarvan word reeds bewoon.

Die oorblywende 33 sal ongeveer teen die einde van April 1966 voltooi wees en sal onmiddellik daarna aan huurders toegewys word.

(b) Hercules- en Mootgebiede—Subekonomies:

Hierdie Skema is beplan vir 100 huise. Die eerste 12 daarvan sal teen die einde van Februarie 1966 vir bewoning gereed wees.

